

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 11, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2011 *Tomorrow's World*-tydskrif



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## Was Jesus 'n “gawe” persoon?

Is ek sommer laf? *Hoekom* sou ek 'n vraag soos hierdie vra?

Die antwoord is dat **miljarde** mense 'n heeltemal verwronge idee het van *wie* die **ware** Jesus Christus was, *hoe* Hy werklik Sy lewe hier op aarde geleef het en *wat* Hy waarlik verkondig het! 'n Verkeerde begrip van al hierdie vrae sal beslis 'n invloed uitoefen op u rol in die **ewige** lewe.

*Dink!*

Die oorgrote meerderheid van hoofstroom Protestante en Katolieke het 'n **heeltemal onbybelse** begrip van *hoe* Jesus van Nasaret gelyk en opgetree het, en *wat* Hy regtig sou doen in verskeie situasies. Dit affekteer hulle *hele gesindheid* teenoor die Christendom en hulle verhouding met God Self.

Die **sleutel**, natuurlik, is *of* ons menslike wesens eintlik die Bybel **glo**. Die **ware** Jesus sou egter **nie** algemeen aanvaar word in die moderne Christendom, of in die “ordentlike” samelewing van vandag nie. Hy het nie verkondig dat “alle godsdienste gelyk is” nie, of dat ons “hemel toe” gaan as beloning wanneer ons net “gaaf is” teenoor mekaar nie. Die *ware* Jesus Christus van die Bybel het uitgeroep: “Ek is die *weg en die waarheid* en die *lewe*; **niemand** kom na die Vader behalwe deur **My** nie” (Johannes 14:6).

Indien u eerlik met uself is, sal u moet erken

dat **hierdie** Jesus Christus van die Bybel **verwerp** sal word as Hy vandag in die vlees sou verskyn. Hoe sou ons moderne predikante en ander leiers reageer op Jesus se verklaring aan die Siro-Fenisiëse vrou wat gevra het vir genesing van haar dogter? Jesus het gesê: “Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die **hondjies** te gooi nie” (Mattheüs 15:26).

**Wat!** Hoe sou daardie “politie verkeerde” stelling oorgekom het in 'n vergadering van die “Ministeriële Alliansie”?

Verstaan asseblief. Jesus het alle mense innig liefgehad. Hy het egter nie gekom met 'n boodskap dat “alle mense hier en nou gered” is nie. God het 'n plan waardeur die meeste mense hulle een geleentheid vir verlossing sal kry tydens die Groot Wit Troon Oordeel. In hierdie hedendaagse tyd, word alle soorte mense – maar slegs 'n klein groepie – as “eersteling” geroep. Die meeste mense wat Christus se boodskap destyds gehoor het, selfs dié wat dit vandag hoor, hoor dit slegs as 'n “getuienis”.

Dus, toe Jesus met die Samaritaanse vrou gepraat het, sê Hy met gesag: “Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode” (Johannes 4:22). Hoe durf Jesus so 'n “partydige” stelling maak? **Hy het egter!** God het inderdaad Sy primêre openbaring aanvanklik aan die Israelitiese volk

gegee, aan wie die “woorde van God” eerste gegee is, soos die apostel Paulus in Romeine 3:1-2 erken. Trouens, Jesus se getroue “slaaf”, die apostel Paulus, het aan die heidense Christene in Efese gesê: “DAAROM, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbode van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld” (Efesiërs 2:11-12). “... *sonder hoop* en **sonder God** in die wêreld”? Dit is *presies* wat God aan hierdie heidene gesê het wat nie die ware God van Israel geken of verstaan het nie.

Paulus herinner die jong evangelis Timótheüs daaraan “dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid” (2 Timótheüs 3:15-16).

Toe Timótheüs 'n kind was, was die “Heilige Skrifte” wat hy geken het, die Ou Testament. Die meeste van die Nuwe-Testamentiese boeke het toe nog nie bestaan nie! Paulus sê dat hierdie Ou-Testamentiese Skrifte “jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Was Jesus 'n “gawe” persoon?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### U geprofeteerde toekoms

**3**

Wat lê voor vir dié wat die God van die Bybel vertrou en gehoorsaam?

#### Kersfees: Die ont- brekende boodskap

**8**

Wat beteken Kersfees vir u? Bring dit u nader aan God deur Kersfees te vier? Of verberg die tradisie van Kersfees die wonderlike waarheid van Jesus Christus se ware boodskap?

#### Londen Roep: Londen Brand!

**13**

Die verkoelde en swartverbrande hout van geboue is verwyder, maar die letsels sal nog vir 'n lang tyd in die toekoms bly voortbestaan.

#### Is dít “die einde van geskiedenis”?

**16**

#### Op onvaste grond

**20**

Twee honderd jaar gelede is die Amerikaanse Midweste geskud deur die sterkste aardbewing wat die mens ooit in daardie streek beleef het. Is nog 'n aardbewing te wagte? Watter lesse kan ons leer?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde

**23**

#### Profesie neem gestalte aan

**24**

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

### Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Streekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# U geprofeteerde toekoms

Deur Roderick C. Meredith

*Wat lê voor vir dié wat die God van die Bybel vertrou en gehoorsaam?*

In 'n wêreld van soveel lyding, wag daar vreugde in die toekoms? Weet u waarom u gebore is? Het u lewe enige betekenis? Daar is goeie nuus! U Bybel openbaar 'n wonderlike ewigheid in die toekoms vir diegene wat hul na God wend!

## **U hoef nie lank te wag nie!**

Die meeste van u weet dat profetiese gebeure die afgelope paar jaar baie *vinnig gebeur*. Die ewige God is beslis besig om die trots van die Amerikaanse en Britse mag te “breek” soos Hy so baie jare gelede geprofeteer het (Levitikus 26:19). Ons finansies, die *manier van lewe* en ons **hele toekoms** gaan binne die volgende 10 tot 15 jaar dramaties **verander**. Die Verenigde State, baie van sy bondgenote – veral die Engels-sprekende nasies – inderdaad ook groot dele van die wêreld – sal *revolusionêre veranderinge* ondergaan binne hierdie geslag! 'n “Nuwe Wêreld” is binnekort hier!

Baie mense aanvaar dat verwarring en lyding sal voortgaan. Andere wat geen hoop het nie, glo dat ons wêreld homself letterlik *sal vernietig*, soos selfs Jesus gesê het, *kan* gebeur as God nie ingryp nie (Mattheüs 24:22). Jesus het egter direk voorspel dat 'n werklike **wêreld-regering** gevestig sal word aan die einde van hierdie tydperk, wat God se

Wet sal administreer onder Sy welwillende heerskappy.

Satan het egter die oorgrote meerderheid van hierdie wêreld *grootliks mislei* – moontlik ook baie van u! Ek was vir die eerste 19 jaar van my lewe mislei toe ek grootgeword het in 'n “hoofstroom” Protestantse kerk. Ek het gevoel God het geen spesifieke doel met my lewe nie. Ek het aanvaar dat, as ek 'n “goeie seun” was en nie te veel slegte dinge gedoen het nie, ek net sou “opvaar na die hemel” wanneer ek sterf, met basies **niks** om te doen nie. Die meeste belydende Christene het hierdie soort van vae idee oor hul toekoms, want 'n baie werklike Satan die duiwel het hulle mislei! Let op hoe die Skrif Satan beskryf: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word *duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei*, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9). Die apostel Paulus is geïnspireer om Satan te beskryf as “die god van hierdie wêreld [wie] die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:4).

Satan het 'n valse “paradigma” van God se hele plan en doel daargestel! 'n

“Paradigma” is 'n model of 'n uiteensetting van 'n idee of teorie. Die “hoofstroom” paradigma van die Christendom is dat u net hoef “te glo” in Christus, deur sekere kerk-rituele te gaan en dan sal u “opvaar na die hemel” met feitlik **niks** om te doen nie.

Dit is egter **nie** wat God duidelik sê in die Bybel nie! U behoort die *waarheid* te weet. Jesus sê: “Heilig hulle in u waarheid, u woord is die waarheid” (Johannes 17:17). U Bybel verduidelik tog baie duidelik die waarheid aangaande die *bepaalde toekoms*. Dit is **werklik**. Namate u die vinnig-bewegende profetiese gebeure dophou – gebeure waarvan ons in hierdie Werk u al vir **dekades vertel het** – sal u weet dat *hierdie ware toekoms* nader kom!

Dus, wat is daardie wonderlike toekoms?

## **U toekoms**

God se Woord stel dit duidelik dat diegene wat Hom dien in hierdie tydperk, konings en priesters sal wees in 'n *toekomstige wêreldregering*, en aan mense God se *hele lewensweg* sal leer. Hierdie komende regering sal gevestig word – *binne die leeftyd van die meeste van u wat hier lees* – wanneer Jesus Christus terugkeer na hierdie aarde as

Koning van die konings: “EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Aangesien Christus sal terugkeer as Koning “van die” konings, **wie** sal die **ander** konings wees? Die antwoord word duidelik gestel in die geïnspireerde “Lied van die heiliges”, wat Christus loof en sê: “U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en **het ons konings en priesters** vir onse God gemaak, en ons sal as konings *op die aarde heers*” (Openbaring 5:9-10). Let daarop! Die ewige beloning vir getroue Christene is **nie** om op te vaar na die hemel nie. Intendeel, dit is die wonderlike geleentheid om onder Christus, die Koning, te dien om **vrede en vreugde** aan die mense *hier op aarde* te bring!

Dit is *presies* wat God die profeet Daniël geïnspireer het om, honderde jare voor die apostel Johannes, te skryf: “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (Daniël 7:27).

Ware Christene, diegene wat dus bereid is om te *verstaan*

en die opdragte van God en die Bybel te *gehoorsaam* – word opdrag gegee om daarna uit te sien om *oor stede op hierdie aarde* te **regeer**. Wanneer Hy Sy “getroue” dienaars beloon in die bekende “Gelykenis van die ponde” word die terugkerende Jesus Christus uitgebeeld as waar Hy sou sê: “Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy **gesag hê oor tien stede**” (Lukas 19:17).

Die apostel Paulus was geïnspireer om die Christene in Korinthe te leer: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6:2-3).

Hierdie hele gedeelte openbaar dat die “heiliges die **wêreld** sal oordeel”. God praat van die ware heiliges van God wat nou besig is om *te leer* om **korrekte regering toe te pas** (verse 1-2). Paulus was ook geïnspireer om te skryf: “As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word. Ek sê dit tot julle beskaming. Is daar dan nie eens een wyse onder julle, wat uitspraak sal kan doen tussen sy broeders nie?” (1 Korinthiërs 6:4-5). God het die apostel Paulus geïnspireer om Sy mense te leer dat hulle moet leer om *korrekte regering uit te oefen*. Hulle moet leer om behoorlike wysheid uit te oefen om die wêreld te “oordeel” in

Christus se komende regering. Hulle moet sodanige wysheid ontwikkel dat hulle selfs gebruik sal kan word om oor “engele te oordeel” in die Wêreld van Môre, as Geestelike wesens in God se eie Gesin – omdat die engele ons *dienaars* sal wees, dan selfs nog meer effektief as nou! Hierdie beginsel van **korrekte regering** is absoluut **basies** om God se plan en Sy doel te verstaan om vandag met Sy mense te werk!

### 'n Georganiseerde regering

Die Skrif sit 'n *regering-struktuur* vir die Koninkryk van God uiteen. Christus sal die “Koning van die konings” wees (Openbaring 19:16). Koning Dawid van Israel, *opgewek* en terug in sy ou werk, sal koning wees oor *al twaalf stamme of nasies* van Israel. Die profeet Hosea beskryf die “laaste dae”: “Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die **HERE** hulle God soek **en Dawid hulle koning**, en met siddering aankom na die **HERE** en na sy goedheid in die *laaste van die dae*” (Hosea 3:5). Jesus het ook aan die Apostels gesê: “En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en *op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel*” (Lukas 22:29-30). Dan, soos ons sopas gelees het in die gelykenis van die ponde, sal individuele Christene in beheer geplaas word van plaaslike regerings reg *oor die hele aarde*. Die organisatoriese struktuur oor

Israel in Christus se komende regering is as volg: Eerstens, Jesus Christus as Koning van die konings; dan, Koning Dawid oor al twaalf “stamme” of **nasies** van Israel; daarna sal elk van die twaalf Apostels gesag gegee word oor een van die nasies van Israel.

Sonder twyfel sal ander sleutelposisies beklee word deur Abraham, Isak, Jakob, Josef, Moses, Elia, Elisa en ander belangrike manne en vroue van God. Dit behoort ooglopend te wees – gebaseer op God se openbaring, wat die “gedagtes van God” is – dat Abraham, die “vader sou wees van almal wat glo” (Romeine 4:11). Hy sal 'n *baie hoë pos* beklee as God se sleuteladviseur oor die hele aarde, bygestaan deur Isak, Jakob en andere.

Net soos Dawid in die antieke tyd aangestel was oor die hele huis van Israel – wat nou die magtige nasies van Amerika en die nasies van Britse afkoms en die vreedsame, demokratiese volke van Noordwes Europa is – kan Daniël dalk die geleentheid gegee word om, onder Christus, te regeer oor die aktiwiteite van die heidense nasies. Hy was tog deur God gebruik om op 'n kragtige wyse met hulle interaksie te hê in die grootste heidense ryk van alle tye, antieke Babilon (Daniël 2:37-49). Selfs Moses – die man wat deur God gebruik was om Sy werklike vorm van hiërgiese regering in te stel, sal moontlik deur God in 'n sleutelposisie gebruik word om die aktiwiteite van die hele aarde en die

verskillende beheerliggame, onder Christus, te koördineer.

Daarbenewens sal baie individuele gelowiges – vandag se *ware* Christene wat die “oorwinnaars” is (Openbaring 2:26-27) – direkte gesag gegee word om individuele stede te regeer (Lukas 19:17). Let daarop dat God die hoogste lof wataan *enige* een van die “sewe gemeentes van Openbaring” gegee kon word (Openbaring 2-3), aan die *Philadelfiese Kerk*, wat *getrou* was aan God en die “**sleutel** van **Dawid**” het, gegee is – wat *alles* met *korrekte regering te doen het*. Wat is die beloning van die Philadelfiërs? God sê aan hulle: “Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam” (Openbaring 3:12).

*Dink daaroor!* As ons waarlik “alles in die stryd werp” om ons lewens aan ons Skepper te onderwerp, dan word ons wonderlike geleentheid om Christus by te staan om hierdie wêreld reg te ruk, *spesifiek* in die Bybel *verduidelik!* **Waarom** het die “hoofstroom” Christendom u nooit van hierdie manjifieke **Waarheid** geleernie?

Vriende, is al hierdie inligting oor die wonderlike geleentheid vir *ware* Christene om oor die wêreld te regeer onder Jesus Christus, net 'n *nuut uitgedinkte begrip* van 'n klein groepie mense? **Geensins nie!**

Baie gerespekteerde

geskiedkundiges het egter spesifiek die feit vermeld dat die vroeëre Christene *hierdie werklike Waarheid geleer* is! Edward Gibbon, die beroemde historikus en outeur van die monumentale en hoogs-gerespekteerde werk, *The Decline and Fall of the Roman Empire*, het geskryf oor die gebruike en oortuigings van die vroeëre Christene. Hy het **nie** as teoloog geskryf nie, maar as 'n sekulêre historikus wat probeer het om sy feite **agtermekaar** te kry! Hier is wat Gibbon skryf oor die vroeëre Christene:

“Die antieke en populêre leerstelling van die Millennium was nou verweef met Christus se wederkoms. Net soos wat die skepping van die aarde in ses dae voltooi is, is hul duur in hul huidige staat, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf word, vasgestel op sesduisend jaar. Volgens dieselfde analogie word afgelei dat hierdie lang tydperk van swoeg en twis, wat nou amper verstreke is, opgevolg gaan word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar, en dat Christus, met die triomferende groep heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik opgewek is uit die dood, op die aarde sal heers totdat die tyd van die laaste en algemene opstanding aanbreek” (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, bl. 403).

**Hoekom** het die ontwikkelende Roomse kerk nie voort-gegaan met hierdie leerstelling nie? Waarom is dit nie deur die Donker Eeue verkondig nie, en daarna deur die Protestantse kerke? *Hoekom nie?* Gibbon gaan voort: “Maar toe die bou van die kerk byna voltooi was, is die ty-delike ondersteuning verwyder. Die leerstelling van Christus se heerskappy op die aarde was aanvanklik beskou as 'n diepgaande versinnebeelding, in 'n sekere mate as 'n twyfelagtige en nuttelose opinie, en ten laaste verwerp as die absurde uitvindsel van dwaalleer en dwepery” (*ibid.*, bl. 404).

Dit, my vriende, is **waarom** baie van u Protestantse en Katolieke vriende sal dink dat u “fanaties” is wanneer u uiteindelik glo *wat die Bybel werklik sê* oor die hemel, die hel, die ware doel van die menslike lewe, en die **geleentheid** wat u en ek sal hê in Christus se toekomstige Koninkryk. Dit is een rede **waarom** ons deur God beveel word om “uit” die moderne godsdienstig-politieke stelsel “te gaan”, wat God “Babilon” noem (Openbaring 18:4)!

Ons wie waarlik God se *geïnspireerde Woord glo*, moet vorentoe kyk en onself inderdaad voorberei om God se regering *tans* ten volle aan te leer en toe te pas. Dan sal ons *baie vertrouwd wees* met die basiese beginsels van hoe dit behoort te werk en sodoende *baie meer voorbereid wees* om ons posisie op te neem as konings en priesters in Christus

se toekomstige regering! Waarom is u hierdie basiese waarhede nooit voorheen geleer nie?

### Christus se regering in aksie

In die beskrywing van Christus se toekomstige regering, word ons herhaaldelik vertel dat die *hele wêreld* sal leer om “die gebooie te onderhou”, soos Jesus die jong man wat die weg na die ewige lewe gevra het beveel (Mattheüs 19:17). Kyk na wat God Jesaja geïnspireer het om oor die “**laaste dae**” te skryf: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die wet uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:2-4). Let op: “... uit Sion sal die **wet uitgaan**”. Het u vir een oomblik gedink God praat van “verkeerswette”?

Van die een kant van die Bybel tot aan die ander kant, maak God dit duidelik dat Sy basiese geestelike wette uiteengesit word in die **Tien**

**Gebooie!** Hierdie fundamentele beginsels vertel aan ons **hoe** om God lief te hê en **hoe** om ons naaste lief te hê. Hierdie wette, tesame met God se *insettinge* in die Ou Testament – en soos uitgebrei deur Christus en die Apostels – sal die vaste grondslag wees van Christus se vorm van regering in die Wêreld van Môre.

Die profeet Miga was geïnspireer om ons basies dieselfde ding te vertel aangaande die *vorm van God se regering* in die Wêreld van Môre: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die wet uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie *meer* sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaars het dit gespreek” (Miga 4:1-4).

Let daarop dat elkeen onder sy *eie* wingerdstok en vyeboom sal sit. Daar sal eiendomsreg wees en 'n korrekte vorm van

kapitalisme. Dit sal **nie** 'n vorm van kommunisme of kollektiwisme wees waarin die regering die gesag oor privaat eiendom sal inpalm soos vandag se regerings dit dikwels doen nie. 'n Man sal in staat wees om die vrugte van sy eie arbeid te pluk! Selfs die Sabbatgebod omsluit hierdie stelling: “Ses dae moet jy **arbei** en *al jou werk doen*, maar die **sewende dag** is die sabbat van die HERE jou God” (Eksodus 20:9-10).

In sy vroeë jare is antieke koning Salomo en al twaalf nasies van Israel *ontsagwekkende seëninge* gegee vir gehoorsaamheid aan God se opdragte. “En as jy in my weë wandel, deur my *insettinge* en my *gebooie* te onderhou, soos jou vader Dawid gewandel het, dan sal ek jou dae verleng” (1 Konings 3:14). Solank Salomo – oor die algemeen – hierdie basiese gebooie gehoorsaam het deur *te lewe volgens God se wette* en hulle behoorlik toepas, sê God aan ons: “Verder was Salomo heerser oor al die koninkryke van die Eufraat af tot by die land van die Filistyne, en tot by die grens van Egipte; hulle het belasting aangebring en Salomo gedien al die dae van sy lewe ... sodat Juda en Israel veilig gewoon het, elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, van Dan tot Berséba, al die dae van Salomo” (1 Konings 4:21, 25). In die Wêreld van Môre, sal daar dus op 'n wêreldwye grondslag so 'n mate van *vrede* en **vreugde** wees, soos wat *nog nooit tevore ondervind is* nie!

Wanneer beskryf word van die volke van moderne Brittanje, Amerika en noordwestelike Europa se terugkeer uit hul ballingskap ná die geprofeteerde Groot Verdrukking, beskryf God se woord die *vrede* en die **seëninge** wat hulle dan sal ervaar na die tyd van swaarkry: “Vir koper bring Ek goud en vir yster bring Ek silwer, en vir hout koper en vir klippe yster; en Ek sal Vrede as jou owerheid aanstel en Geregtheid as jou bestuurders. Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie – van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof ... Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie kleiner word nie; want die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig, en die dae van jou treurigheid is verby. En jou volk sal almal regverdiges wees, vir ewig sal hulle die land besit – as lote deur My geplant, 'n werk van my hande, tot my verheerliking” (Jesaja 60:17-18, 20-21).

Aangaande die toekomstige tyd van heropbouing verkondig die Ewige God aan ons: “Die vreemdelinge sal staan en julle kleinvee oppas, en uitlanders sal julle landbouers en wynboere wees. Maar julle sal priesters van die HERE genoem word; aan julle sal gesê word: Dienaars van onse God! Julle sal die rykdom van die nasies eet en op hulle heerlikheid julle beroem. In plaas van julle skande *ontvang julle* 'n dubbele deel; en in plaas van die smaad sal hulle jubel oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n dubbele deel in besit

neem, ewige vreugde *geniet*” (Jesaja 61:5-7).

### Israel, die prototipe

Regdeur die Bybel word Israel voorgestel as 'n *tipe* van al die nasies. Soos selfs die heidense nasies “ingeënt sal word” in *geestelike Israel* in die Wêreld van Môre (Romeine 11), so sal die *hele wêreld* dié soort seëninge ervaar namate al die mense leer om die ware God van Israel “te soek” – en om **gehoorsaam** te wees aan Sy wet en Sy wonderlike lewenswyse, wat **vrede** bring.

Terwyl Hy die gebeure in die “laaste dae” wat binnekort voorlê beskryf, sê die Ewige God aan ons wat sal gebeur in “**al**” die geslagte van Israel wanneer hulle terugkeer ná die Groot Verdrukking (Jeremia 30:24; 31-32). God gaan dan voort: “Ky, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde; blindes en lammes, swangeres en barendes onder hulle, almal saam; in 'n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe. Hulle sal kom met geweën, en met smeking sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is my eersgeborene” (Jeremia 31:8-9).

Wanneer God *letterlik miljoene der miljoene* ballinge terugbring uit die Groot Verdrukking wat sal kom oor die Amerikaanse en die nasies van

# Kersfees: Die ontbrekende boodskap

Deur Richard F. Ames

*Wat beteken Kersfees vir u? Bring dit u nader aan God deur Kersfees te vier? Of verberg die tradisie van Kersfees die wonderlike waarheid van Jesus Christus se ware boodskap?*

Wat beteken Kersfees vir u? Vir baie mense is dit die feestelikste tyd van die jaar. Gesinne kom bymekaar om geskenke uit te ruil onder 'n Kersboom, miskien naby 'n kaggel waar 'n kersstomp brand. Kinders smee Kersvader om aan hulle hul gunsteling geskenke te bring. Tradisionele versierings is oral – immergroen kranse, mistel, helder ligte en klatergoud. Van tyd tot tyd kry mens selfs 'n “krip”-toneel en 'n opregte begeerte om die geboorte van Jesus Christus te gedenk.

Vir die meeste klein-handelaars in die belydende Christelike nasies, is die Kersseisoen die winsgewendste tyd van die jaar, verantwoordelik vir tot 40% – soms selfs meer – van die jaarlikse verkope. Kersfees-verwante promosies kan weke, selfs maande, voor 25 Desember begin. Kersvader en sy rendiere is al gebruik om produkte wat wissel van koeldrank tot elektriese skeermesse, te verkoop!

Hierdie jaar, in 'n tyd van ekonomiese afswaai, is besighede bekommerd dat die inkomste van Kersfees swak mag wees. Soos een verslaggewer opgemerk het tydens die “terug-skool-toe

verkope”-seisoen in Augustus verlede jaar: “Verbruikers wat bedreig voel deur die ekonomie, mag hulle spaarsaamheid uitstel tot November en Desember. Klein Jannie het notaboeke, potlode en klere vir skool nodig. Hy het nie 'n kersgeskenk vir Kersfees nodig nie” (“*Back-to-school shoppers aren't scrimping – yet*”, *Minneapolis Star-Tribune*, 18 Augustus 2011). Dit moet nog gesien word of 2011 die anemiese tendense van die afgelope paarjaar sal omkeer.

Vir die rykes is daar natuurlik baie opsies. Een bekende eksklusiewe afdelingswinkel adverteer in sy 2011 Kersfees-katalogus 'n lewensgroot eetbare gemmerbrood pophuis vir kinders – teen 'n prys van \$15,000!

Selfs vir diegene met meer beperkte middele, is “Kersinkope” een van die vernaamste tradisies van die seisoen. Die aard van Kersinkopies in die Internet-era is egter besig om te verander. Vroeër vanjaar het die Britse bemarkingsfirma, *eDigital Research*, berig dat, in 2011, ongeveer een derde van verbruikers minstens die helfte van hul begroting se Kersinkopies aanlyn spandeer, terwyl een uit elke vier 'n driekwart van hul inkopies op die

Internet sal doen (“*Gains for mobile shopping*”, *eDigital Research*, 24 Augustus 2011).

Dus, gaan Jesus se boodskap oor die verbruikerswese? Is dit 'n boodskap van spanning vir diegene wat rondskarrel en probeer om beperkte fondse te rek om begeerde verbruikersgoedere te koop vir vriende en geliefdes? Is dit 'n boodskap van skuldgevoelens vir diegene wat nie genoeg spandeer nie en 'n boodskap van hebsug vir diegene wat gretig is om die vrygewige geskenke van diegene rondom hulle te ontvang?

Baie van die miljoene mense wat hierdie jaar geskenke uitruil, sal aanneem dat hulle 'n tradisie navolg wat deur die Wyse manne ingestel is – die “wyse manne” wat uit die Ooste gekom het om hul respek aan Jesus te betoon. Steek daar egter meer in daardie storie as wat die algemene tradisies aanvaar?

## Die Wysies uit die Ooste

Die Skrif beskryf die aankoms van die Wysies uit die Ooste in Jerusalem in hulle soeke na die geprofeteerde Koning van die Jode. “En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne



uit die Ooste in Jerusalem aangekom en gesê: Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys” (Mattheüs 2:1-2).

Wat het gebeur nadat hulle hom gevind het? “En hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gevind en neergeval en Hom hulde bewys. Daarop maak hulle hul skatte oop en bring vir Hom geskenke: goud en wierook en mirre” (vers 11).

Het die wyse manne aan Hom “verjaarsdaggeskenke” gebring? Nee! Hulle het gekom om 'n kind wat hulle as die Koning van die Jode erken het, te “aanbid”! Hulle het hulde gebring aan 'n koning!

Let daarop dat Jesus in “die huis” was – nie meer in die stal of 'n krip – teen die tyd dat die wyse manne hom besoek het nie! Die wyse manne het besoek afgelê toe Jesus nie meer 'n pap baba of suigeling was nie, maar eerder toe Hy al 'n “kind” was. Die *NIV Study Bible* lewer hierdie kommentaar oor daardie besoek (direk vertaal): “In teenstelling met tradisie, het die wyse manne Jesus nie in die stal besoek op die nag van Sy geboorte, soos die herders nie. Hulle het 'n [hele] klompie maande later gekom en Hom as 'n 'kind' in Sy 'huis' besoek” (bll. 1442, 1444).

Hoe oud was Jesus toe die wyse manne Hom kom besoek het? Uit die Skrif weet ons wat die boonste ouderdomsperk was. 'n Engel het Josef en Maria

gewaarsku om na Egipte te vlug om Jesus te beskerm (Mattheüs 2:13). Koning Herodus het nie na 'n baba gesoek om te laat doodmaak nie – hy het beveel dat alle manlike kinders van twee jaar oud en jonger in die gebied van Bethlehem doodgemaak moes word (vers 16). Jesus moes dus minstens 'n hele paar maande oud gewees het toe die wyse manne gekom het om Hom te aanbid!

### Geboorte van 'n Koning

Soos u kan sien, is die ware Bybelse verhaal heel anders as die tradisies wat vindingryke manne daar rondom geskep het. Die geboorte van Jesus was die geboorte van 'n koning. Wat is die doel aangaande Sy geboorte, soos geopenbaar aan Maria, Jesus se moeder? “En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:30-33).

Sowat 30 jaar later het Jesus begin met Sy voltydse bediening. Wat was Sy boodskap? Dit was 'n boodskap van 'n toekomstige Koninkryk – 'n Koninkryk waaraan daar geen einde sal wees nie! “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galilëa gekom en die

evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Die engel Gabriël het aangekondig dat Jesus oor 'n Koninkryk sal regeer wat nooit sal eindig nie. Jesus verkondig Self die evangelie, die goeie nuus, van die toekomstige Koninkryk van God! Een gewilde Kerstyd-tradisie vandag behels die *Messias*, die beroemde oratorium geskryf in 1741 deur die Engelse komponis, George Frideric Händel. Baie van ons het al die profeet Jesaja se roerende woorde gehoor, getoonset volgens Händel se musiek, wat die openbaring van die Messias aankondig: “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors” (Jesaja 9:5).

Ja, Jesus Christus – die Messias – maak Hom nou klaar om terug te keer na hierdie aarde om vrede in die wêreld tot stand te bring. Hy is die Prins van Vrede. Hoe sal Hy egter vrede in die wêreld tot stand bring? Let op die volgende vers: “... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaars sal dit doen” (vers 6).

Kan u uselfgehele wêreld-

vrede voorstel? Kan u uself vrede en voorspoed onder al die nasies voorstel? Dit is wat sal gebeur wanneer Christus Sy Koninkryk op aarde vestig! Die profeet Sagaria skryf van die tyd wanneer al die nasies verteenwoordigers sal stuur om in Jerusalem te aanbid: “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die Here van die leërskaare, en om die huttefees te vier” (Sagaria 14:16).

### Onderhouding van die Fees?

Die Nuwe-Testamentiese Kerk van die eerste eeu het die profesieë van Christus se koms geken asook Christus se boodskap – nogtans het die Nuwe-Testamentiese Kerk nie Kersfees gevier nie! Inteendeel, die Kerk het dieselfde Heilige Dae onderhou as wat Jesus Christus onderhou het.

Het u al ooit die dag van Pinkster onderhou? Die Nuwe-Testamentiese Apostels het. U kan die boeiende verhaal in Handeling lees. U kan lees hoe duisende mense op die dag van Pinkster tot bekering gekom het. Hoekom het hulle die dag van Pinkster onderhou? Omdat dit een van die jaarlikse Heilige Dae was wat in die Bybel beveel word. Soos die *NIV Study Bible* sê: “Pinkster staan ook bekend as die Fees van weke (Deuteronomium 16:10), die Fees van die oes (Exodus 23:16) en die dag van die eersteling (Numeri 28:26)” (bl. 1645).

Die Nuwe-Testamentiese Christelike Kerk het op die Bybelse dag van Pinkster begin! Indien u opreg volgens die Bybel wil lewe, sal u ook hierdie Bybelse fees elke jaar wil onderhou! Het u geweet dat die jaarlikse Heilige Dae God se plan van verlossing vir die ganse mensdom openbaar? Dink aan nog een van die jaarlikse Bybelse Heilige Dae: Die Fees van Basuine. Die Fees van Basuine dui op die wederkoms van die Messias, Jesus Christus. Indien belydende Christene die Bybelse Heilige Dae sou onderhou, sal hulle die ontbrekende boodskap verstaan. Die sewe basuine wat geblaas word tydens die jaarlange Dag van die Here vorm die sewende seël van Openbaring, die laaste boek in u Bybel. Hier is die belangrike aankondiging wat die regerings van elke nasie op hierdie aarde sal skud! “EN die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Ons almal sien uit na daardie tyd, en ek doen 'n beroep op u, indien u nie reeds Christus se instruksies volg nie, om te bid: “Laat U koninkryk kom!” Die enigste manier waarop die wêreld ooit blywende vrede tussen nasies sal kan ervaar, is wanneer Christus vrede in die wêreld vestig en die nasies leer hoe om vrede te bereik. Die wêreld moet die weg

na vrede geleer word. Christus en die heiliges sal die nasies heropvoed, en hulle leer hoe om God lief te hê en hoe om hul naaste lief te hê. Let op na hierdie inspirerende profesie: “En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Jesaja 2:3).

Vandag maak nasies oorlog met mekaar. Die Derde wêreldoorlog sal die hele wêreld omvou in 'n oorlogsbrand wat deur die Koning van die konings beëindig sal word. Die nasies sal by Megiddo versamel en hul gereed maak om teen Christus te veg met Sy wederkoms. Daar word algemeen na hierdie veldslag verwys as Armageddon, u Bybel beskryf dit as “die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God” (Openbaring 16:14).

Die nasies sal daardie oorlog verloor! Christus sal triomfantlik regeer! Dank God dat Christus gebore is om Koning oor die planeet Aarde te wees. Die sewende basuin sal aan die wêreld bekend maak dat die nasies nou aan die Koning van die konings behoort. God se liefdevolle plan vir die ganse mensdom word geopenbaar in die Bybelse feestee en Heilige Dae. Jesus en die Apostels het vir ons 'n voorbeeld gestel in die onderhouding van Bybelse feestee en Heilige Dae, nie heidense dae en tradisies met 'n

Christelike naam nie. Dit is geen toeval dat u Bybel nie daarvan melding maak dat Jesus of die Apostels nie Kersfees gevier het – of dat hulle enige ander dag afgesonder het om Jesus se geboortedag te herdenk nie. Biljoene mense sonder nogtans 25 Desember elke jaar af as die dag waarop die geboorte van Jesus gevier moet word. Hoekom?

### 25 Desember?

U mag wonder of iemand enigins kan bewys dat Jesus op 25 Desember gebore is. Baie mense sal verbaas wees om te verneem dat ons kan bewys dat Hy **nie** op daardie datum gebore is nie!

Dink na oor wat die Skrif aan ons sê. Josef en Maria het teruggereis na Bethlehem vir die sensus wat deur keiser Augustus beveel is. Die stad was stampvol, dus moes Josef en Maria alternatiewe huisvesting vind. Jesus is in Bethlehem gebore en in 'n krip of voertrog neergelê. Let op na die omstandighede en tyd van die jaar. “EN daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het” (Lukas 2:8). Die meeste Bybelkenners sal prontuit erken dat die herders **nie** in Desember in die veld sou wees nie. Die koue reënseisoen het **lank voor** 25 Desember begin. U kan dit naslaan in die mees betroubare Bybelkommentare. Jesus is laat in September of vroeg in Oktober gebore, na-aan die tyd van 'n belangrike Bybelse fees,

die Fees van Basuine.

**Wie** is dan op 25 Desember gebore? Soos u kan vasstel in enige geloofwaardige ensiklopedie, word 25 Desember geassosieer met die sogenaamde geboorte van voor-Christelike gode lank voordat iemand probeer het om dit op te eis as die dag van Jesus se geboorte. *Mithras* en *Sol Invictus* is twee van die antieke figure wat op 25 Desember gebore is.

### Die verlore boodskap

Die mensdom se vals tradisies kan ons aandag aflei van die ware betekenis van Christus se geboorte en lewe. Ons het gesien dat Jesus in die herfs van die jaar gebore is, nie op 25 Desember nie. Hy is gebore om die Koning van 'n koninkryk te wees wat nooit sal eindig nie. Jesus het ons geleer om te bid: “Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom” (Mattheüs 6:9-10).

Ons het die Koninkryk van God nodig! Ons nader nou die einde van hierdie tydperk, die einde van die mensdom se historiese eksperiment met wêreldse gemeenskappe en regerings. Die tyd word min terwyl ons baie profesieë oor die eindtyd sien gestalte aanneem.

Ons kan uitsien na die wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde as Koning van konings. Ons kan uitsien na die toekomstige Koninkryk van God wat vrede sal bring aan alle nasies. Bid dat die Koninkryk sal kom! Sien uit na Sy wederkoms

as Koning van die konings en Here van die here, soos ons lees in Openbaring 17:14 en Openbaring 19:16. Christus en die heiliges sal die wêreld regeer vir 'n duisend jaar lank, soos dit in Openbaring 20:4-6 geskryf staan. Sien uit na 'n nuwe wêreld van vrede en voorspoed. Alle nasies sal die geleentheid hê om volhoubare landbou te beoefen: Volop vrugte, groente en graan. Christus sal die weer stabiliseer om reën te gee op die regte tyd. Kinders sal in vrede in die strate speel (Sagaria 8:5). Die aard van wilde diere sal vreedsaam word (Jesaja 11:6). Mense uit al die nasies sal na Jerusalem kom om die Huttefees te onderhou en om die Koning, Jesus Christus, te aanbid (Sagaria 14:16).

Ons stuur vinnig af op die einde van die huidige veelbewoë tydperk. Ons beweeg ook vinnig nader aan die wederkoms van Jesus Christus om Sy vreedvolle duisendjarige Vrederyk op die planeet Aarde te vestig. Jesus Christus is die Verlosser van die wêreld (1 Johannes 4:14). Hy kom as Koning van die konings en Here van die here. Dank God dat Sy Koninkryk besig is om te kom! **Dit** is die verlore boodskap!

Dus, soos 25 Desember nader kom, wat gaan u doen? Sal u saamgaan met die fabels wat die ware boodskap van Jesus Christus verberg? Gaan u verswelg word onder verbruikersdruk en in die “Christelike” feeste wat eintlik gekoöpteer is van valse gode? Gaan u kyk na vals tradisies – of gaan u uitsien na die vinnig naderende wederkoms van die

Koning van die konings, die Verlosser van die wêreld, Jesus Christus, om Sy Koninkryk hier

op planeet Aarde te vestig? Moenie toelaat dat die vals tradisie van "Kersfees" u aandag

weglei van die ware boodskap van Jesus Christus nie! **WYM**

### Vervolg vanaf bladsy 22 – Op onvaste grond

moderne afstammeling van antieke Israel?

Nee, nie die New Madrid Seismiese Sone nie. Nie die San Andreas-verskuiwingslyn in Kalifornië, of die Aleutian Megathrust verskuiwingslyn in Alaska nie. Nie die verskuiwingslyn wat die aardbewing van Christchurch in Nieu-Seeland tot gevolg gehad het nie.

Die grootste gevaar waarmee ons te kampe het *kom nie van 'n fraktuur in die aarde se kors nie – dit kom van 'n fraktuur in ons verhouding met God*. God het die profeet Jesaja geïnspireer om te skryf: "KYK, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; *maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God*, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie" (Jesaja 59:1-2). Die mees gevaarlikste "verskuiwingslyn" is voorwaar in die *mens se hart en verstand*. Die heel gevaarlikste toestand is om in opstand te wees teen God!

Let op hoe Jesaja die sondige mensdom beskryf: "Want julle hande is met bloed bevlek en julle vingers met ongeregtheid; julle lippe spreek leuen, julle tong fluister onreg. Daar is niemand wat aanklaag in geregtigheid en niemand wat 'n regstryd voer in waarheid nie; hulle vertrou op nietigheid en

spreek valsheid, met moeite gaan hulle swanger en baar onheil ... Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie" (Jesaja 59:3-4, 8).

Hoe sal God daarin slaag om die aandag van so 'n sondige en opstandige volk te kry? Een manier is, Hy sal die aarde kragtig *skud*! Die apostel Johannes het hierdie gebeurtenis vooruit aangeteken: "En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie – so 'n geweldige groot aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie" (Openbaring 16:18-20).

Dit is ontnugterend om te dink aan 'n aardbewing wat groter as *ooit tevore in die geskiedenis sal wees*, wat sal veroorsaak dat stede oor die hele wêreld sal val! Selfs ná so 'n goddelike ingryping sal menslike koppigheid so groot wees dat sommige mense steeds nie berou sal hê nie: "... en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het

uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was" (vers 21).

Wat dan van u? Indien God u vandag roep, sal u reageer? Is u op soek na Hom met opregte berou? Jesaja dring ook by ons aan: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:6-7).

God is genadig en vergewensgesind, indien ons bereid is om ons te bekeer en te distansieer van sonde en waarlik ons bes doen om, met Sy hulp, te leef volgens Sy lewensweg. **Is u gewillig?**

### Stewig soos 'n rots

Rampe sal hewiger word namate die einde van hierdie tydperk nader kom. God laat ons egter nie sonder bemoediging of rigtingaanwysing in die komende gevare nie. Tesame met waarskuwings oor die toekoms, stel Jesus Christus ons gerus: "Pas op, moenie verskrik word nie" (Mattheüs 24:6) en "Moenie skrik nie" (Lukas 21:9). Ons hoef nie die toekoms met vrees tegemoet te gaan nie! Ons kan vrede hê, selfs in problematiese

**Vervolg op bladsy 15**

# Londen Roep

## Londen Brand!

Deur Rod King

Die verkoolde en swartverbrande hout van geboue is verwyder, maar die letsels sal nog vir 'n lang tyd in die toekoms bly voortbestaan in die gedagtes van party Londenaars. Duisende oproeriges het vir vier nagte amok gemaak deur die strate van Londen in Augustus verlede jaar. In nabootsing daarvan het oproere uitgebreek in Birmingham, Manchester, Nottingham en Bristol. Nadat hulle winkels geplunder en verwoes het, het jeugdiges met klappmusse oor die kop, voortgegaan om alles wat oorgebly het, aan die brand te steek. Goed georganiseerde boewe het doelbewus die polisie en brandweerspanne aangeval.

Motors, winkels en privaat huise is deur die vlamme verswelg. Vyf mense is dood in die maastroom. 'n Meubelwinkel in Croydon, wat al vir vyf geslagte deur dieselfde familie bedryf word, is tot op die grond afgebrand, nadat daar sedert 1867 op dieselfde perseel handel gedryf is en dit die Londen-Blitz oorleef het!

Wat Londenaars verbaas en geskok het, was dat toe dié wat in hegtenis geneem is, in die dae na die onluste in die hof verskyn het, daar 'n breë spektrum van oortreders was. Ja, die stereotipe arm en werklose jeugdige was daar. Nogtans

was daar ook 'n pa van in sy dertigs, 'n posbode en 'n elfjarige seuntjie. Die dogter van 'n ryk sakeman wat reeds “alles gehad” het, is ook in hegtenis geneem. Dit is beweer dat sy elektriese goedere ter waarde van £5,000 gesteel het, alhoewel sy nog by haar ouers woon, in 'n huis met 'n groot erf en 'n tennisbaan!

Wat het verkeerd geloop? Te midde van handegewing en nabetrugting van politici en polisie, kom die antwoorde nie maklik nie. Die afgesaagde woorde van die humaniste klink eenvoudig net nie waar nie. Woorde soos “armoede, rassisme en maatskaplike agterstand” wat normaalweg opgehaal word as die oorsaak van 'n oproer soos hierdie, klink leeg wanneer dit teen die bitsigheid van die aanvalle en die profiel van die aanvallers opgeweeg word. Daar was heeltemal te veel bewyse van berekende beplanning deur bendeleiers om die oproer eenvoudig weg te praat as 'n spontane daad.

Eerste Minister, David Cameron, het 'n nugter opsomming van die situasie aangebied. Hy het gesê Brittanje “ly al vir dekades aan 'n stadig-bewegende morele ineenstorting”. Gedurende sy toespraak aan sy kiesers in Oxfordshire het hy voortgegaan:

“Dit is 'n wekroep vir ons land. Maatskaplike probleme wat al vir dekades lank sweer, het in ons gesig ontplof”. Hy het gesê dat die “gemeenskap deurtrek is met ontoerekenbaarheid, selfsugtigheid en 'n gebrek aan verantwoordelikheid. Te veel kinders word groot sonder vaders, skole slaag nie daarin om dissipline te handhaaf nie, belonings word uitgedeel sonder dat daar opofferings was en kriminele gedrag bly ongestraf” (*“Cameron promises to tackle 'moral collapse' after riots”, The Times, 15 Augustus 2011 bl. 3).*

Baie mense glo dat hy reg is.

### Risiko en beloning

*The Spectator* se voorbladstorie vir 13 Augustus 2011, dra die titel: “*Burning Issues*”. Let op hoe die tydskrif die oorsaak van die onluste ontleed: “Daar was in die afgelope dekades genoeg onluste regoor die wêreld om ons 'n goeie idee te gee oor wat hulle veroorsaak. Armoede en politieke ontevredenheid is selde die hoofsaaklike oorsaak. Onluste is oor die algemeen 'n berekening van **risiko en beloning**”. Dit is duidelik dat diegene wat daarby betrokke was, gedink het dat hulle daarmee sal kan wegkom. Hulle moet egter gesien word vir wat hulle is – misdadigers wat misdade pleeg van “inbraak en

betreding”, met diefstal, verwoesting van eiendom en brandstigting. Sommiges van hulle staan selfs tereg op aanklagte van moord in Birmingham, nadat drie jong mans gedood is toe hulle na bewering opsetlik raakgery is deur 'n motor wat in die oproer betrokke was.

Die oproeriges het die kans gewaag – sommige het daarmee weggekam. Meer as 2,000 is egter in hegtenis geneem en teen die middel van September was net meer as 1,700 van hulle aangekla.

In die dae wat op die onluste gevolg het, het die hofdata nuwe inligting oor die oortreders aan die lig gebring. Volgens verslaggewer Andrew Gilligan, in *The Sunday Telegraph* van 21 Augustus 2011: “Byna geeneen van diegene wat aangekla is oor die onluste in Ealing, Clapham Junction, Enfield en ander plekke, kom uit die onmiddellike omgewing nie ... Van die 26 mense wat aangekla is as gevolg van die Ealing onluste, het net drie uit Ealing self gekom” (“*London riots were orchestrated by outsiders*”, 21 Augustus 2011, bl. 4). Die artikel kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n hoë graad van orkestrasie was deur goed-georganiseerde professionele misdadigers wat op soek was na goedere van groot waarde. Dit was nie slegs 'n geval van spontane opstand as gevolg van polisie-brutaliteit nie. Dit was 'n amok-making wat georganiseer was deur bendeleiers van oor die volle breedte van Londen in

die middel van die somer.

Die Bybel praat oor tye soos hierdie, maar nogtans is die meeste mense nie bewus van die verband tussen die profesieë van die Ou Testament en vandag se moderne nasies nie. *Die Wêreld van Môre* gaan in die besonder voort met die beklemtoning van die besondere toepaslikheid van die Ou-Testamentiese profete aan die hedendaagse Amerikaners, Britte en noordwestelike Europeërs – die hedendaagse afstammeling, tesame met die Jode, van die antieke stamme van Israel en Juda. Vir meer inligting oor hierdie konneksie, vra asseblief u gratis eksemplaar aan van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Bestel of lees dit aanlyn by [www.TomorrowsWorld.org](http://www.TomorrowsWorld.org) / [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za) of vra 'n kopie aan van die Streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif).

Let asseblief op God se woorde aan die hedendaagse afstammeling van Josef: “En Ek sal seuns hulle vorste maak, en moedswilliges sal oor hulle heers. En die mense sal mekaar verdruk, man teen man, en die een teen die ander; die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop” (Jesaja 3:4-5).

### Wanneer 'n volk God verwerp

Wanneer 'n volk God se Wet verwerp as die basis van sy moraliteit, spreek dit vanself dat dit vervang sal word deur

humanistiese waardes en redenerings. Humanistiese filosofie wil ons laat glo dat die **menslike natuur inherent goed is**. Is dit so? Is ons as menslike wesens wesenlik goed, met 'n klein bietjie kwaad wat af en toe na vore kom? Die antwoord mag u verras. Die profeet Jeremia stel dit bondig: “Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?” (Jeremia 17:9). Die apostel Paulus voeg by: “... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7).

Die misleiding van baie humaniste is so diepgaande dat hulle die eenvoudige stelling dat kinders geleer moet word wat reg en wat verkeerd is, heftig sal verwerp. Nogtans is waarheid, ordentlikheid, werketiek en vriendelikheid nie inherent in kinders nie. Dit is aangeleerde beginsels, wat afgelei is van die “Wet van God” soos opgesom in die *Tien Gebooie*. U kan meer aangaande hierdie beginsels leer deur u kopie van ons gratis boekie, *Die Tien Gebooie*, aan te vra.

Eerste Minister Cameron praat nou hard, maar sal sy woorde oorgaan in daad? Indien sy Minister van Werke en Pensioene, Iain Duncan Smith, sy sin kry, ja, dan sal hulle – maar Duncan Smith dra nie net 'n groot stok nie, hy dra ook 'n wortel. Hy wil graag dieselfde soorte van beleid implementeer as dié wat in Boston, Massachusetts en in Glasgow,

Skotland gewerk het. Dit behels dat aan benedelede onderrig gegee en beskerming verleen word. Baie benedelede erken dat hulle onwillige deelnemers is aan hulle bendes se bedrywighede en daartoe gedwing word deur intimidasie en afknouery.

Deur die rug van bendes te breek en die belhamels op te sluit verminder geweld, misdaad en afpersing dramaties. “Dan”, soos

Fraser Nelson geskryf het in die 20 Augustus 2011 uitgawe van *The Spectator*, “sal ordentlike mense die strate weer terugneem, soos hulle in New York gedoen het, en skielik sal daardie gemeenskappe begin floreer”.

Baie mense in Brittanje glo regtig dat die nasie 'n laaste wekroep ontvang het. Tensy die kultuur van “sagkensk met

misdadigers” nie net verander nie, maar vervang word met die bemagtiging van ouers om beter dissipline op hul kinders toe te pas, sal die land in anargie verval. Jare van weifeling deur die dubbelsinnige praatjies van politici het nie gewerk nie. Sal die regering eers “oë knip” of voortgaan om 'n mislukte en gebroke moraliteit te ontken? **WVW**

### **Vervolg vanaf bladsy 12 – Kersfees: Die ontbrekende boodskap**

tye. God vermaan ons om versigtig en waaksaam te wees en beproewings geduldig te verduur, want: “Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry” (Lukas 21:19). Namate die wêreld begin om te disintegreer en rondom ons verkrummel, *dring* Jesus Christus by ons *aan* om nie *moedeloos* te word, of om daarvan *weggelei te word* om Hom getrou te dien nie.

Hy beveel ons egter ook om ons paaie reguit te maak en om te leef in waarheid, geregtigheid en gehoorsaamheid. Beteken dit dat ons die saligheid kan verdien? Natuurlik nie! Verlossing is 'n geskenk van God, nie 'n loon wat verdien is en aan ons verskuldig is nie (Romeine 4:4). God maak dit nogtans duidelik dat ons wel 'n loon verdien wanneer ons ongeregtheid beoefen: Sonde, boosheid en opstand teen God se wet. Daardie loon is pyn, lyding en uiteindelik, die dood! “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus onse Here” (Romeine 6:23).

Christus het Johannes

geïnspireer om te skryf dat die “aarde” God se mense wonderbaarlik sal help in die komende rampspoedige dae gedurende die eindtyd. Let op wat skryf Johannes sal gebeur wanneer Sy getroue mense moet vlug na 'n plek van veiligheid om aan die Verdrukking te ontvlug: “... maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. *En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het*” (Openbaring 12:14-16). God sal 'n groot aardbewing bewerkstellig wat die leërs en magte wat deur die Duiwel gestuur sal word om God se mense te vernietig, in te sluk. Waarlik, God is die grootste beskerming en enigste verdediging in die komende dae!

Hoe kan u seker maak u staan op vaste grond in die

komende onstuimige tye? Hoe kan u en u gesin die komende ineenstorting van ons nasies verduur? *Bekeer julle en gehoorsaam God van ganser harte!* Soos Dawid gesê het: “Werp jou sorg op die HERE, en Hý sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie” (Psalm 55:23). Jesus Christus het gesê: “Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots” (Mattheüs 7:24-25).

Moet nie toelaat dat die komende aardbewings en ander natuurrampe u en u gesin onkant betrap nie. Wees gereed vir noodgevallen. Wees voorbereid. Sorg dat u 'n plan het. Die belangrikste van alles is egter *om u geestelike huis in orde te kry*. God is ons rots, ons skuilplek en ons beskerming. Wanneer die “Groot Een” tref, maak seker dat u *op vaste grond staan!* **WVW**

# Is dít “die einde van geskiedenis”?

Deur Dexter Wakefield

Die mensdom is al vir duisende jare op soek na die ideale vorm van regering. Sal daardie ideale regering ooit gevind word? Indien wel, watter vorm sal dit aanneem? U Bybel onthul die bemoedigende en hoopvolle antwoord!

In die nasleep van die onrus in die Arabiese wêreld, het baie Westerse geleerdes en politieke leiers aangeneem dié streek is op die rand van 'n “Arabiese Lente”; 'n ontwaking van Westerse demokrasie in 'n gebied wat voorheen oorgegee was aan stam- en godsdienstige verbondenheid.

Hierdie waarnemers huldig algemeen die mening dat die Westerse styl liberale demokrasie die beste vorm van menslike regering is. Baie mense beskou liberale demokrasie nie net as 'n vorm van regering nie, maar eerder as die natuurlike gevolg van die intellektuele en maatskaplike ontwikkeling van die mensdom.

Moontlik die heel bekendste van sodanige teoretici wat vandag leef, is Dr. Francis Fukuyama, tans 'n professor in politieke teorie aan die Stanford Universiteit. Kort voor die ineenstorting van die Sowjetunie, het Fukuyama 'n algemeen geleesde verhandeling gepubliseer waarin hy 'n onvergeetlike stelling maak: “Wat ons nou dalk

waarneem, is nie net die einde van die Koue Oorlog, of die beëindiging van 'n bepaalde tydperk van na-oorlogse geskiedenis nie, maar die **einde van geskiedenis** as sodanig: Dit is *die einde van die mensdom se ideologiese evolusie en die universalisering van Westerse liberale demokrasie as die finale vorm van menslike regering* (“*The End of History*”, *The National Interest*, Summer 1989, bl. 4).

Was Fukuyama reg? Sal Westerse styl liberale demokrasie “die finale vorm van menslike regering” wees? Gaan die hele wêreld se toekoms soos die Europese Unie en die Verenigde State lyk? Baie mense hoop so, maar ander het tot baie teenstrydige gevolgtrekkings gekom. Dus, hoe gaan die toekoms werklik lyk, en is dit moontlik om dit te weet?

## Die stryd van vertellings

Geskiedenis is 'n storie oor die verlede, maar die verteller se uitgangspunt maak 'n groot verskil in hoe daardie storie vertel word. Verskillende vertellers, met verskillende wêreldbeskouings, sal verskillende feite insluit of uitsluit, gebaseer op wat hulle as toepaslik en belangrik beskou. Byvoorbeeld, die geskiedenis van Jerusalem sal baie anders klink wanneer dit deur 'n Israëli

aangebied word, as wanneer dit deur 'n Palestyn aangebied word. Konteks is belangrik.

Politieke geskiedskrywers sal van tyd tot tyd probeer om 'n “*Universele Geskiedenis*” daar te stel deur identifisering van vorms, tendense of beginsels in die verlede, waardeur hulle hul historiese verhaal kan uitbrei tot in die toekoms en dit voorspelbaar maak. Dit is wat Fukuyama gedoen het deur waarneming, dat die konsep van menseregte ontwikkel het, wat gelei het tot politieke veranderings wat deurgaans in die algemene rigting van 'n groter politieke en ekonomiese vryheid beweeg het (ten spyte van gewelddadige en bloedige konflikte langs die pad). Byvoorbeeld, die Amerikaanse Rewolusie het die heerskappy van 'n Britse vors oor Britse kolonies in Amerika beëindig, wat 'n nuwe republiek – die Verenigde State van Amerika – tot gevolg gehad het. Net so het ander volke regoor die wêreld koloniale of outokratiese heersers omvergewerp en hulle vervang met liberale demokrasieë.

Dit was natuurlik nie altyd die geval nie. Moet nie vergeet dat die Nasionale Sosialistiese (Nazi) party in Duitsland na die Eerste wêreldoorlog, aan bewind gekom het deur bemiddeling van demokrasie



nie. Nogtans, selfs in hierdie geval het die oorhoofse tendens getoon dat Duitsland ná die Tweede wêreldoorlog 'n rolmodel geword het van 'n demokratiese regering. Soos met Duitsland, was daar baie ander stoppe en beginpunte, maar Fukuyama is glad nie alleen tussen die politieke historici in die langtermyn historiese tendens te sien waardeur land na land onverbiddelek beweeg het tot aanneming van liberale demokrasie as die beste en finale vorm van regering, nie.

Wat dan van ander teorieë oor die toekoms? Karl Marx, skrywer van *The Communist Manifesto*, bied 'n heel ander weergawe van die geskiedenis, en gee 'n heel ander siening van die toekoms. Marx sien geskiedenis as 'n reeks botsings tussen verskillende ekonomiese klasse in die soeke na materiële goedere. Hy het geglo dat die armer werkersklas in opstand sou kom teen die ryker kapitalistiese klas, en heen en weer sou beur dwarsdeur die geskiedenis, totdat 'n finale, volmaakte toestand van die samelewing bereik is, wat Marx *kommunisme* genoem het. Marx het verwag dat kommunisme die einde van die evolusie van menslike politieke ontwikkeling sou verteenwoordig. As sodanig het Marx, deur 'n frase van die Duitse filosoof, J.W.F. Hegel (1770-1831) te leen, gesê dat kommunisme “die einde van geskiedenis” sou verteenwoordig.

Marx se visie van die

toekoms het op 'n tyd groot invloed gehad, maar nou word dit algemeen geminag. Teen die einde van die 20ste eeu, namate die sentraal-bepaalde ekonomieë van die Sowjetunie en die Volksrepubliek van China begin wankel het, het die Marxistiese verhaal sy reputasie verloor. Was daar 'n swak plek in die “kommunisme” wat hierdie nasies beoefen het? Of kon kommunisme eenvoudig net nie suksesvol meeding teen die kapitalistiese ekonomieë, deur nie in staat te wees om die groter welvaart en vryheid wat die Westerse demokrasieë blykbaar kon bied, te voorsien nie?

Namate die Sowjetunie gewankel het op die rand van ineenstorting in 1989, het politieke teoretikus Fukuyama 'n ander historiese verhaal, wat grootliks onherkenbaar was in die Westerse wêreld, in onguns gebring – die verhaal van die Islamitiese *jihad*. Nogtans het sy mening teen 1992 meer ingewikkeld begin raak. Aan die een kant skryf Fukuyama dat die “aantrekkingskrag van Islam potensieel wêreldwyd” is, maar aan die ander kant verwerp hy die Islamitiese verhaal as sou dit “feitlik geen trekkrag hê buite daardie gebiede wat kultureel Islamities was om mee te begin nie” (*The End of History and the Last Man*, bl. 45-46).

### **Geskiedenis deur Islamitiese oë**

Die Islamitiese ideologie waarvan Fukuyama aangehaal het, maar verwerp het, het egter 'n baie kragtige verhaal opge-

lewer wat aanklank vind by baie Moslems wat ontevrede is met Westerse waardes en ideale. Vanuit hierdie oogpunt van geskiedenis sal die “einde van die geskiedenis” kom wanneer 'n groot leier, die *Mahdi*, binnekort sal verrys om die Kalifaat te hervestig, waarin 'n outokraat, die Kalief, deur middel van Shariawet (afgelei uit die Koran en gesegdes van Mohammed waarvan berig is), sal regeer.

As 'n eerste stap in die rigting van wêreldoorheersing, verwag Islamiete dat die Kalifaat die gebiede wat Moslemheersers voorheen, op die hoogtepunt van Islam se uitbreiding in die laat Middeleeue, beset het, sal herower. Interessant genoeg, hierdie herstel van die Kalifaat stem goed ooreen met Bybelse profesieë wat praat van 'n toekomstige “koning van die Suide” wat 'n sleutelrol sal speel in eindtydse gebeure, voor die wederkoms van Jesus Christus (Daniël 11:40).

Verskeie Moslem-nasies (soos Afghanistan, Iran, Libië, Saoedi-Arabië, Soedan en Jemen) word reeds deur die een of ander vorm van Shariawet regeer. Ander, soos Egipte, Marokko, Jordanië, Pakistan, Sirië, Katar en die Verenigde Arabiese Emirate, meng die Sharia met ander stelsels. In teenstelling daarmee om as onderdrukkend beskou te word, word Sharia gesien as 'n goddelike alternatief vir korrupte sekulêre oorheersing. Navorsers van die Universiteit van Maryland het in 2008 'n

meningspeiling gehou in Arabiese nasies en het bevind dat 'n aansienlike meerderheid in Pakistan, Egipte en Marokko ten gunste is van die instelling van die Kalifaat, wat outokratiese Islamitiese heerskappy beteken! Dit is 'n voorkeur wat die meeste mense in Westerse demokrasieë moeilik verstaan. Dit is egter duidelik dat terwyl die meeste Westerse ontleders van die Midde-Ooste ten gunste is van politieke en ekonomiese vryheid, baie, indien nie die meeste nie, van die Moslems wat hulle bestudeer het, sou verkies om deur die Islamitiese wet regeer te word.

#### Wat van die “Arabiese lente”?

Betogings vir demokrasie het gelei tot die val van die Tunisiese regering in Desember 2010 en sedertdien het die “Tunisiese Wind” deur Egipte, Jemen, Bahrein, Sirië en Libië gewaai en politieke onrus en populêre eise vir demokrasie voortgebring. Hierdie verskynsel staan bekend as die “Arabiese Lente”. Die Westerse demokrasieë kyk met hoopvolle oë na hierdie betogings en voorsien Westerse styl liberale demokrasieë op die horison vir die Midde-Ooste.

Westerse leiers is optimisties dat demokrasie na die Midde-Ooste sal uitbrei, en sal dit finansieel ondersteun as hul kan. Op 'n G8-vergadering verlede Mei 2011 het die Britse Eerste Minister, David Cameron, gesê dat Brittanje beplan om GB£110 miljoen toe te sê om die opstande in Noord-Afrika en die

Midde-Ooste te help slaag. “Daar is goeie rede om te sê dat indien 'n mens kan slaag om groter demokrasie en vryheid in lande soos Egipte en Tunisië te kry”, het die Eerste Minister gesê, “dit goed sal wees vir ons hier tuis ... Dit sal minder ekstremisme beteken, dit sal na meer vrede en voorspoed lei, dit sal beteken dat daar minderdruk op immigrasie sal wees wat ons land andersins in die gesig staar ... Ek wil hê dat 'n baie eenvoudige en duidelike boodskap van hierdie beraad moet uitgaan, dit is dat die mees magtigste nasies op aarde bymekaar gekom het en aan diegene in die Midde-Ooste en Noord-Afrika wat groter demokrasie, groter vryheid, meer burgerlike regte wil hê, te sê: 'Ons is aan julle kant’”. Op dieselfde vergadering het die Amerikaanse President Barack Obama die Verenigde State verbind tot 'n hulppakket wat tot US\$4 miljard kan bedra.

Die Weste sal egter verbaas wees oor hoe die mense van die Midde-Ooste stem wanneer hulle die geleentheid gegun word. Die “Arabiese Lente” kan omswaai in die “Islamitiese Winter”. Historici en teoretici soos Fukuyama sien die geskiedenis van die vorige eeu as 'n grootse stryd tussen totalitarisme (in beide sy sosialistiese en fascistiese vorms) en demokrasie – 'n stryd wat hulle glo deur demokrasie gewen is. Daar is egter andere wat die komende eeu sien as 'n stryd tussen Westerse waardes en Islamitiese waardes.

Islamiete stem saam, en hulle weergawe van die volgende eeu is dramaties anders as wat baie Westerse politieke teoretici verwag.

#### Toekomstige geskiedenis: Die 7,000-jaar Boek

Geskiedenis kan gesien word as 'n byna eindelose versameling van menslike interaksies, gesprekke en konflikte – beide groot en klein. Historici moet derhalwe kies tussen gebeure om 'n verhaal van die verlede te skep. Die insluiting of uitsluiting van 'n enkele feit kan grootliks bepaal hoe ons 'n historiese gebeurtenis waarneem.

Dus, wie is reg? Op wie se perspektief kan vertrou word?

Die werklikheid is die wêreld soos *God* dit sien. Het *God* dus Sy eie ware en akkurate verhaal van wêreldgebeure aan ons voorsien? Daar is een boek wat 'n unieke insig gee in 'n 7,000-jaar tydperk van geskiedenis, waartydens *God* besig is om Sy plan vir die mensdom uit te werk!

Daardie 7,000-jaar boek is die Bybel. Alhoewel dit saamgestel is deur skrywer na skrywer, eeu na eeu, handhaaf die Bybel 'n deurlopende verhaal en een uitgangspunt – dié van die “God van Abraham, Isak en Jakob”. Dit begin in die boek Genesis, vertel dan van 6,000 jaar van menslike wanbestuur oor die planeet Aarde, en openbaar daarna die goeie nuus van Jesus Christus se duisendjarige heerskappy op hierdie aarde, wat gevolg word deur 'n tyd van finale oordeel.

Hoewel die Bybel wel 'n bietjie inligting gee oor die tyd vóór Adam en die tyd ná die finale oordeel van die mensdom, handel die historiese verhaal grootliks oor 'n 7,000-jarige “week” van duisendjaar “dae”. Hierdie konsep was goed bekend aan Christus se eerste volgelinge. Bedink hierdie woorde van die apostel Petrus, wat geskryf is in 'n duisendjarige konteks: “Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag” (2 Petrus 3:8).

Alhoewel die Bybelse weergawe verduidelik dat die finale tydperk van duisend jaar 'n “Duisendjarige Vrederyk” [Millennium] onder die goedgunstige heerskappy van Jesus Christus sal wees, beperk die menslike geskiedenis dit vir ons om te bepaal presies wanneer daardie finale “dag” van die 7,000-jarige week sal begin. Ons kan kyk na 'n paar Bybelse mylpale en dit vergelyk met die lysie van Israelitiese konings, maar as gevolg van sommige onsekerhede (soos hoe die konings se opvolgjare aangeteken is), kan ons slegs die begin van die Millennium vaspen binne 'n algemene tydsraamwerk wat God wil hê ons van bewus moet wees (Markus 13:28). “Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie” (Markus 13:32). Slegs Hy ken die presiese tydsberekening.

Die menslike geskiedenis is ontsaglik veelomvattend, maar

die “7,000-jaar boek” bevat die verlede en die toekomstige geskiedenis wat ons moet ken om God se plan vir die mensdom te kan verstaan. Dit bevat die belangrike gesprekke, onderrig ons in die regte lewenswyse, en bevat die toekomstige geskiedenis – die profesieë – wat ons behoort te ken. Die Bybel laat ons die verlede, die hede en die toekoms verstaan *in die konteks van 'n voltooide verhaal van die geskiedenis*. Diegene met “oë [om] te sien en ore om te hoor” kan die bestendige doel daarvan insien. **Dit is 'n verhaal wat deur God vertel is.**

### Sewe duisendjaar “dae”

Histories het beide die antieke Jode en die eerste-eeuse Christelike Kerk uit die Skrif verstaan dat die menslike beskawing sal bestaan uit 6,000 jaar van menslike regering, gevolg deur 'n duisendjarige tydperk onder die heerskappy van die Messias (die “Gesalfde” of, in Grieks, *Christus*). Onder die historici wat hierdie leer in die vroeëre Christelike era vermeld het, is Irenaeus, Ketina, Lactantius, Victorinus, Hippolytus, Justinus die Martelaar en Methodius. Dit word ook prominent gevind in die geskrifte van die Sanhedrin van Jesus se dag.

Die Skrif maak dit duidelik. Ons lees: “En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en **ek het die siele** gesien van die wat onthoof is oor die getuie van Jesus en oor

die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:4-6).

Die meeste van vandag se belydende Christene ignoreer hierdie verhaal van 7,000-jaar van die geskiedenis heeltemal, of beskou dit as 'n versinnebeelding, om beter in te pas by hulle eie oortuiging aangaande die mensdom se geskiedenis en toekoms. Tussen God se verhaal en dié van die mens, wie s'n verwag u, sal seëvier?

### Terug na die stryd

Lank gelede het die God van Abraham, Isak en Jakob die mensdom uitgedaag om te voorspel wat in die toekoms gaan gebeur, en Sy uitdaging staan steeds! “Dink hieraan en wees beslis; neem dit ter harte, o afvalliges! Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af *verkondig die einde, en van die voortyd af* wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad

**Vervolg op bladsy 27**

# Op onvaste grond

Deur Rod McNair

*Sal ons gereed wees wanneer die volgende “groot een” toeslaan, twee honderd jaar ná 'n historiese aardbewing die stad van New Madrid getref het?*

“So net ná 02h00 op Maandag oggend, 16 Desember 1811, was die meeste van die inwoners van New Madrid, Missouri, aan die slaap toe hulle drome skielik verbreek is deur die kraakgeluide van hul stewige hutte. Die klein dorpie se inwoners is van hul beddens, wat geweldig begin skud het, gegooi. Die vloere het wild begin lig en die mure het gekreun en is van hulle fundamente losgeskeur ... Baie van die hutte het inmekaar getuimel en as hopies rommel op die grond gelê. Sommige hutte het daardie koue nag aan die brand geslaan toe die houtbalke in die mure soos tandestokkies in die kaggels (wat veronderstel was om die inwoners warm te hou) geval het”. Dit is hoe die skrywer William Atkinson, in sy boek *The Next New Madrid Earthquake*, die kragtigste reeks aardbewings wat die Verenigde State van Amerika nog ooit ervaar het, beskryf (bl. 9). Die trillings het ontstaan in wat nou bekend staan as die *New Madrid Seismiese Sone*, 'n gebied wat strek van die weste van Memphis, Tennessee tot in die suide van Illinois. Teen die middel van Maart 1812 het drie aardbewings voorgekom, wat na raming 'n omvang van 7 tot 8 op die Richterskaal gemeet het, asook honderde naskokke. Die skudding kon waargeneem word vanaf die Rocky Mountains in die

weste van Amerika tot die hoofstad in Washington DC, en van Kanada tot by die Golf van Mexiko. Skrywer James Penick wys daarop dat die gebied waarin matige trillings gevoel kon word, oor 'n skokkende een miljoen vierkante myl gestrek het (*The New Madrid Earthquakes*, bl. 6).

Alhoewel die aardbewings hewig was, was ongevallen laag, omdat die gebied op daardie stadium slegs yl bevolk was. Daardie aardbewings van twee eeue gelede het hul merk op die landskap van die Midweste gelaat. “Die aardbewings het veroorsaak dat die grond opgelig en ingeval het – bome is gebuig totdat hul takke ineen verweef was en diep skeure het in die grond ontstaan. Diepgesetelde grondverskuiwings het langs die steiler rotswande en heuwels voorgekom; groot gedeeltes van die grond is permanent omgedolwe en nog groter dele het ingesink en is oordek met water wat deur splete of klein kratertjies uitgebreek het ... Hoë banke het meegee en in die rivier gestort; sandbanke en hoogtes van eilande het meegee; hele eilande het verdwyn” (*Pentagon Nightmare: Fukushima on the Mississippi*, *WIRED.com*, 24 Augustus 2011). Groot golwe het baie bote gesink en ander hoog op teen die oevers van die Mississippi-rivier laat beland. Dit het gelyk of die

groot rivier se vloei vir 'n tyd omgekeer was as gevolg van hierdie geweldige skuddings.

Hoe sal mense dit kan hanteer as 'n ander monster-aardbewing die sentrale deel van Amerika vandag tref? Kan dit regtig gebeur? *Sal dit gebeur?*

## Wat as ...

Die Amerikaanse Federale Administrasie vir Noodbestuur (FEMA) het oefenlopieë gehou om te bepaal hoe mense sal reageer in die geval van nog 'n ander groot aardbewing in die New Madrid gebied. Op 16 Mei 2011 het meer as 10,000 reddingspersoneel op 135 plekke regoor die streek byeengekom om die reaksie te bepaal op die nabootsing van 'n aardbewing met 'n omvang van 7.7 in die New Madrid Seismiese Sone. Dit is gekombineer met 'n sekondêre 6.0 skudding in die Wabash Vallei Seismiese Sone, met middelpunt Mt. Carmel, Illinois (*National Level Exercise 2011 Quick Look Report*, *Federal Emergency Management Administration*, 14 Junie 2011).

Die uitslae was skrikwekkend. Amptenare beraam 'n dodetal van 100,000 uit 15 miljoen mense wat in die aardbewing-gebied woon. Meer as sewe miljoen sou onthou gewees het, met twee miljoen wat noodskuiling nodig sou hê. Direkte finansiële verliese sou 'n

totaal van \$300 miljard bedra, met indirekte koste wat tot twee keer soveel kan styg. Bo en behalwe dit, met 15 kernkrag-sentrales in die streek, sou die VSA sy eie “Fukushima op die Mississippi”, kon hê, met 'n ramp wat vinnig buite beheer sou raak.

So 'n aardbewing sal werklik ramspoedige gevolge vir die Midweste inhou. “Indien die nagmerrie scenario sou kom, is staatsamptenare bekommerd dat die staats- en federale owerhede nie in staat sal wees om die 'toenemende rampe' wat sal volg, te hanteer nie”, volgens Paul Stockland, senior sekuriteitsamptenaar vir binnelandse veiligheid van die Amerikaanse Departement van Verdediging, tydens 'n onlangse vergadering van die Aspen Sekuriteitsforum. “'n Paar dinge hou my snags wakker”, het hy gesê en verduidelik dat nog 'n New Madrid-aardbewing een van hulle is. “[Dit is] soveel groter as enigiets waarmee ons al te doen gehad het – soveel erger as die orkaan Katrina” (*Pentagon Quake Nightmare: Fukushima on the Mississippi*, WIRED.com, 24 Augustus 2011).

Kenners stem saam dat die “ergste geval scenario” ramspoedig kan wees, maar hulle verskil ten opsigte van die waarskynlikheid van so 'n ramp. Sommige mense sê dat 'n herhaling van die 1811-1812 skuddings lankal reeds agterweë is. Andere sê weer die kans is skraal. Die Amerikaanse Geologiese Opname

skat dat daar 'n 25-50% kans is dat 'n aardbewing met 'n omvang van 6 of hoër die New Madrid Seismiese Sone binne die volgende paar dekades kan tref, en dat daar 'n 10% kans is van 'n aardbewing met 'n omvang van 7 of hoër (*New Madrid Earthquake Bicentennial Remains Central Topic at Memphis Conference*, USGS.gov, 15 April 2011).

Behoort ons bekommerd te wees? Die meeste kenners sê dit is onmoontlik om 'n aardbewing te voorspel. In die plek daarvan handel hulle met waarskynlikhede – 'n bietjie beter as raaiwerk, omrede aardbewings enige plek, enige tyd kan voorkom. Die 5.8 omvang aardbewing wat verlede Augustus op die 23ste naby Richmond, Virginia voorgekom het – *waar daar geen bekende verskuiwingslyn is nie* – is 'n herinnering hiervan. Elke gesin behoort voorbereid te wees om te weet wat om te doen in die geval van 'n aardbewing of ander noodgeval.

Bo en behalwe dit is daar egter nog 'n faktor wat nie geïgnoreer kan word nie. Daar is 'n God van die hemel en aarde wat alle dinge geskape het, wat fisiese kragte gebruik om Sy goddelike wil te volbring. Terwyl die sondige mensdom *buite beheer* begin raak, waarsku die Bybel dat daar meer – en kragtiger – aardbewings sal wees om ons *wakker te skud!* Gedagtig aan hierdie duidelike waarskuwing uit die Skrif, behoort ons almal bekommerd te wees.

### Hoogs waarskynlik

Noukeurige lesers van die Bybel verstaan dat God weersomstandighede gebruik om ons te verootmoedig, om ons lesse te leer deur swaarkry en om ons aan te moedig om nader aan Hom te beweeg. Toe Jesus Christus Sy dissipels op die Olyfberg toegesprek het, het Hy hulle gewaarsku oor wat sal gebeur in die dae net voor Sy wederkoms en gesê: “En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte” (Mattheüs 24:6-8).

God het 'n plan vir die menslike geskiedenis (lees “Is dit 'die einde van geskiedenis?’” elders in hierdie uitgawe). Die eerste 6,000 jaar van daardie plan – die mensdom se tyd om sy eie pad te volg en *die pyn en gevolge daarvan te dra* – sal binnekort tot 'n einde kom. Die Skrif waarsku dat net voor hierdie tydperk eindig, ons 'n tyd van onheil sal ingaan soos daar nog nooit voorheen was nie. Soos Christus gesê het, hierdie dinge is maar net “'n begin van die smarte”.

God sal aardbewings *kragtig* gebruik wanneer Hy dramaties ingryp op die aarde: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en

kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openbaring 6:12-17).

Glo ons God wanneer Hy sê dat dit sal gebeur? Dat Hy letterlik die aarde sal skud om Sy kinders wat op die verkeerde pad is, wakker te skud? God is nie tevrede met die *morele agteruitgang* van Amerika en ander nasies wat *bely* dat hulle "Christene" is, terwyl hulle die wêreld voorgaan in gedrag wat Hy sê, Hy "haat", nie (Maleagi 2:16)! Die Westerse nasies maak ongebore babas dood en noem dit "gesinsbeplanning" en 'n kwessie van "keuse". 'n *Meerderheid* Amerikaners sê nou dat hulle ten gunste is van dieselfde-geslag "huwelike" ("*Connubial bliss in America*", *Economist*, 30 Julie 2011, bl.

30). Die hele Bybel – beide die Ou Testament en Nuwe Testament – veroordeel homoseksuele gedrag as 'n onnatuurlike sonde en 'n gruwel (Levitikus 18:22; Romeine 1:27)!

Intussen het jong mense onbeheerbaar in Londen se strate oproer gemaak en rampokkers regoor Amerika het kleinhandelaars beroof in 'n ontstellende nuwe misdadertendens. Sowat 40 miljoen Amerikaners is gereeld betrokke by internet pornografie, vernietig hul eie karakter en skeur die struktuur van hul huwelike en gesinne uitmekaar. Soos die *American Psychological Society* berig: "Om pornografie op die Internet te vind, is so maklik soos om die woord 'seks' te Google, soos die 40 miljoen Amerikaners wat elke jaar porno webtuistes besoek, kan getuig" (*APA Monitor*, November 2007, bl. 50). Amerikaners is nie meer finansiële gedissiplineerd nie, terwyl hul nasie steier onder skerp stygende skuld en die ekonomie stagneer. Baie van hulle kan aanvoel dat *iets verskriklik verkeerd gegaan het!*

Hoe lank sal dit duur voordat God Sy seën sal wegneem? Hoe lank voordat Hy toelaat dat Amerika en ander moderne afstammelingen van antieke Israel 'n "Haïti"-grootte aardbewing beleef, of 'n "Fukushima"-tipe ramp beleef? God waarsku ons teen die *dwaasheid* om nie Sy *sagmoedige* teregwysing aan te neem nie, sodat Hy nie meer ernstige metodes moet gebruik om ons aandag te kry nie: "Wend

julle tot my teregwysing, dan laat ek my gees vir julle uitstroom, wil ek my woorde aan julle bekend maak. Omdat ek geroep en julle geweier het, ek my hand uitgestrek en niemand geluister het nie ... Dan sal hulle na my roep, maar ek sal nie antwoord nie; hulle sal my soek, maar my nie vind nie ... Want hulle eie afkerigheid maak die eenvoudiges dood, en hulle eie sorgeloosheid rig die dwase te gronde" (Spreek 1:23-24, 28, 32).

Die einde van hierdie era kom vinnig nader. Is ons gewillig om die God van die hemel en aarde te dien, of probeer ons net om onself te dien? Jesus Christus beveel ons om ons te bekeer! Ongelukkig sal die meeste mense nie ag slaan op daardie waarskuwing nie. Christus het gesê: "En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word" (Mattheüs 24:12-13).

### **Die wêreld se mees gevaarlikste verskuiwingslyn**

Waar is die mees gevaarlikste verskuiwingslyn vandag? Verskuiwingslyne is frakture in die aarde se kors. Wanneer daar vinnige beweging kom in 'n verskuiwingsgebied, word energie vrygestel en aardbewings is die gevolg. Dus, watter skeure hou die grootste bedreiging in vir Amerika? Watter hou die grootste bedreiging in vir die Verenigde Koninkryk, Kanada en die ander

**Vervolg op bladsy 12**

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Die meeste belydende Christene glo dat diegene wat gered word, na die hemel sal gaan wanneer hulle sterf. Hulle het egter weinig of geen idee oor wat hulle in die hemel sal doen nie. Wat leer die Bybel ons is die beloning van diegene wat gered is?

**ANTWOORD:** Die geloof in “hemel toe gaan” by afsterwe word nie net gehuldig deur die meeste belydende Christene nie. Mense van baie godsdienste oor die hele wêreld klou vas aan 'n oortuiging van 'n soort van die hiernamaals – 'n soort “beloning” of salige hiernamaals na die dood.

So verbasend as wat dit mag klink, het nóg Jesus, nóg die Apostels ons geleer dat die regverdige hemel toe sal gaan wanneer hulle sterf! Die “beloning” wat Jesus aan Sy getroue volgelinge belowe het (Openbaring 22:12) is nie die hemel nie; in der waarheid behels die onmiddellike fokus daarvan heerskappy oor die aarde, saam met Hom. Lees die erkenning van hierdie sekulêre ensiklopedie:

“Die oorheersende standpunt in die vroeë kerk blyk te gewees het dat tot en met die wederkoms van die Here op die wolke van die hemel om die dooies op te wek, diegene wat gesterf het, aan die slaap is, en dat hulle skielik wakker gemaak sal word om nuwe liggame gegee te word, waarna hulle saam met Hom vir 'n duisend jaar lank op die aarde sal regeer” (*“Heaven”, The New International Encyclopedia*, 1ste uitgawe).

Die vroeë Kerk van God, wat Jesus Christus gestig het, het nie die konsep van “hemel toe gaan” as ons ewige bestemming verkondig nie. Hierdie idee het nie algemene aanvaarding verkry tot lank nadat die Apostels gesterf het nie. Inteendeel, Jesus het uitdruklik aan Sy dissipels gesê: “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Die apostel Petrus sê aangaande die gehoorsame Koning Dawid, 'n man na God se hart (Handelinge 13:22), “dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe ... Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie” (Handelinge 2:29, 34).

Selfs regverdige Koning Dawid het nie na die hemel gegaan toe hy gesterf het nie! Hy is nog steeds dood, net soos al die ander regverdige manne en vroue van God wat gesterf het. Hulle wag op die opstanding uit die dood, wanneer hulle geestelike liggame sal ontvang, wat nooit sal sterf nie (1 Korinthiërs 15:50-53; 1 Thessalonicense 4:16-17).

Die ewige lewe is die gawe van God (Romeine 6:23), wat Gees-verwekte Christene sal ontvang

wanneer hulle opgewek of verander word. Wat is dan die “beloning” wat Jesus saam met Hom sal bring?

Christus het gesê dat Hy al die oorwinnaars sal beloon met Sy wederkoms – almal wat gegroei het in die geestelike karakter van God. Sommige sal meer oorwin en groei as ander, en Jesus het gesê dat Hy “elkeen [sal] vergeld volgens sy daad” (Mattheüs 16:27; vergelyk Openbaring 22:12).

God se heiliges sal nie in die hemel vir ewig op harpe speel nie. Hulle bestemming is oneindig meer glansryk en opwindend! Die Bybel onthul dat die “loon van die wat gered is” heerskappy oor die aarde sal wees, saam met Jesus Christus, nadat Hy terugkeer het (Openbaring 2:26; 3:21; 5:10). Jesus Christus en die herrese Christene sal vir 'n duisend jaar lank heers (Openbaring 20:4-6). Hulle sal God se lewenswyse aan die nasies leer wat blywende vrede, voorspoed en vreugde aan die hele mensdom sal bring. Dit beteken nie dat die opgewekte heiliges nooit die hemel, waar God die Vader woon, mag besoek nie; die punt is dat hulle 'n werk sal hê om te doen – daardie werk sal daarop gefokus wees om God die Vader se wil hier op die aarde te doen, onder die regering van Jesus Christus!

Die Skrif vertel ons dat die oppervlakte van die aarde deur vuur gesuiwer sal word nadat God se groot Meesterplan van verlossing vir die mensdom voltooi is (2 Petrus 3:10-12). 'n Nuwe aarde en nuwe hemele sal tevoorskyn kom (2 Petrus 3:13; Openbaring 21:1). Die glorieryke nuwe hoofstad van die aarde – die “Nuwe Jerusalem”, wat sal sprankel van kosbare stene en met strate van deursigtige suiwer goud (Openbaring 21:18-21) sal neerdaal uit die hemel (Openbaring 21:2, 10; 3:12). God die Vader sal dan kom en **op die aarde** woon in persoon, en die Nuwe Jerusalem die plek van Sy verheerlikte troon maak (Openbaring 21:3, 22-23; 22:3-5), vanwaar Hy en Sy onsterflike heiliges oor die ganse heelal sal regeer!

Vir meer inligting oor hierdie wonderlike plan wat God in gedagte het vir Sy getroue heiliges, skryf gerus vir u gratis eksemplaar van ons boekie, *U uiteindelijke lotsbestemming*. Die verrassende en asemrowende waarheid is dat die “hemel” na die aarde sal kom – die ware hoofkwartier van waar die Gesin van God vir ewig oor die heelal sal heers! **WVW**

# Profesie neem

## Dit kom: 'n Verenigde State van Europa!

Die ontluikende finansiële krisis wat deur die nasies van die Europese Unie versprei, genereer toenemend oproepe vir die skepping van 'n *werklike federale regering* vir Europa – 'n Verenigde State van Europa! Vir baie mense in die media en sekulêre regeringskringe is dit 'n *heeltemal nuwe ontwikkeling* in die voortdurende soeke na 'n *polities-verenigde* Europa. Bybelprofesieë het egter *lank reeds voorspel* dat so 'n gebeurtenis sal plaasvind op 'n kritieke tyd in die mens se geskiedenis – 'n tyd waarna verwys word as die “einde van die dae” en net voor die wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde. Hierdie merkwaardige gebeure in Europa moet dopgehou word, namate antieke Bybelprofesieë *gestalte aanneem* in ons hoofberigte vandag!

### Die stygende koor!

Toe hy in Berlyn gepraat het, het die voormalige Duitse kanselier, Gerhard Schröder, die skepping van 'n “Verenigde State van Europa bepleit ... om toekomstige ekonomiese krisis te vermy” en gesê: “Ons sal nasionale soewereiniteit moet prysgee” aan so 'n gemeenskaplike regering (“*Former German leader calls for 'United States of Europe'*”, *Reuters.com*, 4 September 2011). Hierdie oortuiging word nou al meer oor die hele wêreld gehoor!

By 'n konferensie in Parys het beamptes van die Europese Sentrale Bank verklaar dat, om die finansiële krisis in Europa te hanteer, *vereis* sal word dat die

Europese projek “voltooi” moet wees asook dat dit 'n “federale regering met 'n federale minister van finansies” sal vereis (“*Spectre of fresh EU treaty returns to haunt 'incomplete' Europe*”, *euobserver.com*, 6 September 2011). Die Raad oor die Toekoms van Europa het 'n beleid s dokument uitgereik waarin hulle vra vir beide 'n *fiskale unie* en 'n *politieke unie* van die Europese lande wat 'n “gemeenskaplike veiligheid, energie, klimaat, immigrasie- en buitelandse beleid” sal insluit – wat almal geadministreer sal word deur 'n sentrale Europese entiteit – en dat bewegings in hierdie rigting “onvermydelik” is (*ibid.*).

Onlangs het die hoof van die Europese Kommissie, Jose Manuel Barroso, opgemerk dat die hantering van die Europese skuld krisis vinniger en meer beslissende optrede *vereis*, en dat “die markte *aandring op meer integrasie*, ten minste in die euro-gebied” (“*Markets will drive a two-speed Europe, says Barroso*”, *euobserver.com*, 7 September 2011). In New York het 'n amptenaar by Citigroup, die grootste firma vir finansiële dienste in die wêreld, gesê: “... die euro-sone sal waarskynlik uitmekaar val, tensy die Europese Unie se lid-state *saamsmelt op beide fiskale en politieke vlak* ... Europa behoort standpunt in te neem en te besluit of dit 'n 'Verenigde State van Europa' gaan wees of 'n 'lappieskombers' van onafhanklike state” (“*Citigroup says only 'United States of Europe' will save euro*”, *euobserver.com*, 21 April 2011).

Hierdie stygende koor van

stemme begin om *dringend die idees* wat al vir 'n geruime tyd in Europa die rondte doen, na te boots. Nou word dieselfde idees gehoor oor die politieke spektrum in Duitsland. “Duitse Euro-federaliste het wakker geword na 'n lang sluimering. Dit is geen verrassing dat Joschka Fischer, die Greens se oudste staatsman, sou aandring op 'n 'Verenigde State van Europa' nie. Dit is nog meer opvallend dat Gerhard Schröder, 'n voormalige Sosiaal-Demokratiese kanselier, dieselfde woorde geuiter het, soos Ursula von der Leyen, die minister van arbeid en 'n vooraanstaande Christendemokraat” (“*Germany's euro question*”, *The Economist*, 10 September 2011).

In sy boek, *The United States of Europe*, bepleit die voormalige Belgiese Eerste Minister, Guy Verhofstadt, die skepping van 'n federale regering om 'n “Verenigde State van Europa” tot stand te bring. Hy voorsien 'n meer diepgaande geïntegreerde Europa wat die vasteland se ekonomie kan bevorder en meer effektief teen georganiseerde misdaad kan veg.

### Antieke profesieë neem gestalte aan!

Terwyl moderne geleerdes en skeptici aanvaar dat die Bybel niks meer is as 'n versameling mites en legendes nie, maak die God van die Bybel duidelik daarop aanspraak dat Hy die enigste een is “wat van die begin af ... die einde [verkondig], en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie,



# gestalte aan

wat sê: My raad sal bestaan” (Jesaja 46:8-10). Sowat 2,500 jaar gelede het die God van die Bybel aan die profeet Daniël geopenbaar dat 'n brose federasie (yster en klei), met skakels met die ou Romeinse Ryk, in Europa tot stand sal kom net voor die wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde (Daniel 2:34-44). Gedurende die eerste eeu na Christus het die apostel Johannes geprofeteer dat die *betreklik skielike opkoms* van 'n magtige politieke “dier” wat in staat sal wees om oorlog te voer, die wêreld sal verras, en dat hierdie dier gehelp sal word deur 'n ander dier – 'n *groot godsdiensstige leier* wat groot tekens en wonders sal verrig om die mense van die wêreld te mislei om die politieke dier te volg vir 'n tydperk van 42 maande – drie-en-'n-half jaar (Openbaring 13). Johannes het voorspel dat *tien konings* hulle krag en mag (hul soewereiniteit) sal oorgee aan hierdie politieke dier – en hierdie sataniese stelsel sal oorlog voer teen die terugkerende Jesus Christus (Openbaring 17:12-14). Die Europese politieke dier word ook uitgebeeld as 'n *ekonomiese mag* wat nou betrokke is by die handelaars van die aarde – wat sal treur wanneer Jesus Christus die hele stelsel sal vernietig met Sy wederkoms (Openbaring 18).

In die lig van hierdie antieke profesieë oor die verrassende verskyning van 'n Europese moondheid met oorlogvoerende magte en skakels met die globale ekonomie, is dit inderdaad ontnugterend om te sien dat wêreldgebeure op

dieselfde trant ontwikkel! Nie slegs genereer die Europese skuld krisis oproepe vir 'n Verenigde State van Europa nie, die grootste EU-lande (Frankryk, Duitsland, Italië, Pole en Spanje) “wil 'n plan ontwikkel vir 'n Europese Unie militêre hoofkwartier” om militêre operasies reg oor die wêreld uit te voer – ten spyte van besware deur Groot-Brittanje (“*EU countries propose military headquarters*”, *United Press International*, 9 September 2011). Hierdie inisiatief kan lei tot die vervulling van 'n lankgekoesterde doel om 'n *Europese Weermag tot stand te bring*. Terwyl Bybelprofesieë praat van *tien konings* wat deel uitmaak van hierdie Europese dier, is dit die moeite werd om daarop te let dat EU-verdrae 'n opsie bied wat voorsiening maak dat “*nege of meer* lidlande kan voortgaan met 'n EU-projek sonder die ander”. Die “kern”-lede van 'n nuut saamgesmelte Verenigde State van Europa kan hierdie profesieë vervul in die dae wat binnekort voorlê!

Gedurende dieselfde tyd wat die voorste nasies van Europa van plan is om voort te gaan met federale Europese planne, word kommentaar uitgespreek oor moontlike verlaging van die status van, of vermindering van die getal lande in die 27-nasie Europese Unie. 'n Groeiende koor politici regdeur die EU, met inbegrip van hooggeplaaste Duitse wetgewers, bespreek nou openlik die “taboe” van die uitsluiting van Griekeland uit die euro-sone (“*Deficit Sinners' Flags Should Fly at Half-Mast*”,

*Der Spiegel*, 9 September 2011).

Verskeie stigterslede van die EU het voorgestel dat swaar-skuldbelaaide state “onder administrasie” van die Europese Kommissie geplaas moet word om hul finansiële toestand te monitor. “Die Eerste Minister van Nederland het vroeër gesê dat lande wat hulp ontvang, óf beheer oor hul begrotings moet seeder, óf die euro-sone moet verlaat. Lande wat nie bereid is om onder administrasie geplaas te word nie, kan kies om die moontlikheid te gebruik om die euro-sone te verlaat” het die Nederlandse Eerste Minister, Mark Rutte, gesê (“*European Leaders Escalate Tough Talk on Greece*”, *New York Times*, 8 September 2011). Die idees wat tans onder bespreking is – die *vermindering van die aantal* lande in die euro-sone of om voort te beur met 'n *kern-groep* van nasies om 'n Verenigde State van Europa te vorm – sal beslis help om hierdie antieke profesieë vandag *gestalte te laat aanneem* – reg voor ons oë!

In teenstelling met wat sekulêre skeptici vandag wil glo, is Bybelprofesieë geïnspireer en bewaar deur 'n ware God – die God van hierdie heelal – wat laat gebeur wat Hy duisende jare gelede voorspel het. Dit is waarom Jesus Christus waarsku: “Waak en bid altyddeur, sodat julle *waardig geag* mag word om al hierdie dinge wat kom, *te ontvlug* en voor die Seun van die mens te staan” met Sy wederkoms (Lukas 21:36).

—Douglas S. Winnail

**Vervolg vanaf bladsy 7 – U geprofeteerde toekoms**

Britse afkoms, mag selfs baie van ons vriende en familie terugkom “met **geween**, en met **smeking**” (vers 9). Mense sal uiteindelik gereed wees om te **luister** na die Ewige God en wat Hy baie duidelik stel in Sy geïnspireerde Woord! Dan, sê God: “En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van die HERE, na die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos 'n welbesproeiende tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie” (vers 12).

Die Almagtige God sal dus die moderne afstammeling van Israel en Juda wonderlik **seën indien** hulle uiteindelik tot ware bekering kom en begin om Sy gebooi te gehoorsaam en volgens Sy weë te leef. God sal dus op daardie tyd stip 'n “Nuwe Verbond” met hulle sluit: “Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieders oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: *Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart*; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (Jeremia 31:31-33).

**God se WET in mense se harte en verstand**

Ja, God sal dan Sy **wet** in hul verstand en harte plaas. Mense sal leer om 'n **lewende geloof** te hê en hul werklik te **onderwerp sodat Jesus Christus in hulle kan leef**. 'n “Sleutel”-verduideliking van hierdie **soort geloof** vind ons in Paulus se sendbrief aan die Galasiërs: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, *maar Christus leef in my*. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).


Onder die direkte instruksie van Christus in die Wêreld van Môre, sal mense verkies om dit werklik te begin doen, eerder as om net te **praat** oor hoe hulle “God liefhet” – terwyl hulle voortdurend **ongehoorsaam** is aan byna alles wat die Here ons spesifiek geleer het!

God sê: “En Ek sal die lot van Juda en die lot van Israel verander en hulle bou soos tevore. En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtheid waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregthede waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het. En die **stad** sal vir My wees 'n vreugdevolle roem, 'n lof en 'n sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek aan hulle doen; en hulle sal bewys en ontroer word oor al die goeie en oor al die vrede wat Ek daaraan bewys” (Jeremia 33:7-9).

Wanneer dit hierdie wonderlike tyd van Christus se

toekomstige **heerskappy** oor hierdie aarde beskryf, sê God se Woord aan ons: “O God, gee aan die koning u regte en u geregtigheid aan die seun van die koning. Laat hy u volk oordeel met geregtigheid en u ellendiges met reg. Die berge sal vrede dra vir die volk, en die heuwels, deur geregtigheid. Hy sal aan die ellendiges van die volk reg verskaf, die kinders van die behoeftige verlos en die verdrukker verbrysel” (Psalm 72:1-4).

God sê verder: “Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien. Want hy sal die behoeftige red wat daar roep om hulp, en die ellendige en wie geen helper het nie. Hy sal hom ontferm oor die arme en behoeftige, en die siele van die behoeftiges sal hy red. Hy sal hulle siel verlos van verdrukking en geweld, en hulle bloed sal kosbaar wees in sy oë” (verse 11-14). Ja, die **arme** sal verlos word en die **behoefte** sal gehelp word en God sal die lewens van almal wat verdruk word, *verlos*. Die lewe van *elke menslike wese* van watter geslag, ras of kleur ookal, sal “kosbaar” wees in die oë van God en van Sy Gees-gebore kinders – wat *almal* van ons behoort in te sluit – in die wonderlike toekoms wat aan elkeen van ons belowe word, as ons daartoe kom om God se Woord te glo en om wat ons Skepper ons beveel, te **gehoorsaam**.

Werklik, ons geprofeteerde toekoms is *ontsagwekkend!* 

**Vervolg vanaf bladsy 19 – Is dít “die einde van geskiedenis”?**

sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen” (Jesaja 46:8-10).

Dit is duidelik dat die mens se voorspellings van die toekoms grootliks beïnvloed word deur die gebeure wat *ons* dink toepaslik is op ons siening van die verlede. Ons hoef tog nie staat te maak op ons eie raaiskote nie – *God het aan ons 'n voltooide verhaal van die vorige en toekomstige geskiedenis gegee!* Ons moet net wêreldgebeure korrek daarin plaas.

Die meeste mense verwerp egter wat God openbaar en neem aan dat hulle ingelig kan word, uitsluitlik deur die wêreld rondom hulle. Diegene wat nie “God in erkenning ... hou nie” (Romeine 1:28), sal natuurlik anders reageer as diegene wat gewillig is om God se Woord – Sy eie weergawe – toe te laat om hulle in

te lig oor hul verlede en hul toekoms. Die Skrif erken dat daar geestelike dinge is wat net geestelik beoordeel kan word (1 Korinthiërs 2:14). God openbaar dat die wêreld in duisternis is, maar God se Woord verlig dit vir ons – indien ons bereid is om dit te sien. Op wie se weergawe van die geskiedenis kan u vertrou? Fukuyama s'n? Die Islamiete s'n? Iemand anders s'n?

**En die wenner is ...**

Die Bybel bied aan ons God se eie weergawe wat aan ons *die werklike* “finale vorm van regering” bekend maak. Vandag se Christene, wanneer hulle deel is van daardie regering, sal “konings en priesters vir onse God ... [wees], en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). Daardie regering sal onder die oorhoofse

heerskappy van Jesus Christus, die Koning van die konings, wees. “Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en *die heerskappy is op sy skouer*, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërske sal dit doen” (Jesaja 9:5-6).

Hierdie “einde van die geskiedenis” sal net die begin wees! Ons moet tot dan Jesus Christus se opdrag in Matteüs 6:10 volg, waar Hy aan Sy volgelinge sê om altyd te bid, “laat U koninkryk kom!” **WVW**

## Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

Christus Jesus”. Paulus het geen konflik gesien tussen die Ou-Testamentiese Skrif en die Christelike geloof en praktyk nie, en bevestig die **hele** Skrif (insluitende die Ou Testament) is nuttig vir *lering* en vir *onderwysing in geregtigheid*. Dit is nie die woorde van iemand wat ons leer dat daar weggedoen is met God se Ou-Testamentiese wette nie!

Die apostel Paulus het Christene beveel: “WEES my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korinthiërs 11:1). Die apostel Johannes het opgemerk: “Hy wat sê dat hy in

Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Johannes 2:6).

Hierdie twee, net soos al die ander Apostels, het geweet dat Jesus Christus gekom het om die volmaakte **voorbeeld** te stel, en dat Christene Sy *voorbeeld behoort te volg*, versterk deur die Heilige Gees. Dit was die alledaagse begrip in die apostel Paulus se tyd, toe die Christendom oor die Romeinse Ryk versprei het.

Jesus Christus was inderdaad 'n besnede Jood (Lukas 2:21-22; Hebreërs 7:14). Dit was Jesus se “gewoonte” om die sewende-dag

Sabbat saam met die ander Jode te onderhou (Lukas 4:16). Ver verwyderd daarvandaan om God se Sabbat af te skaf, het Jesus gesê dat die Sabbat vir die “mens” gemaak is – **nie** net vir die Jode nie en dat *Hy* “Here” van die Sabbat is. Dus is die Sabbat in werklikheid die ware “Dag van die Here” so ver dit 'n dag van rus en aanbidding aanbetref!

Dus, indien u op die een of ander manier “kon ondersoek instel” na ware Christelikheid gedurende die eerste eeu na Christus, wat sou u sien? U sou 'n groep toegewyde gelowiges gesien het wat glo in Jesus as die beloofde Messias. U sou 'n gemeenskap van gelowiges gesien het vir wie die God van Israel, die God van die skepping, 'n **werklikheid** was. Hierdie mense sou dus nie net praat oor die *persoon* van Jesus Christus nie. Hulle sou **doen wat Hy beveel het**.

Begin u nou verstaan dat die ware Christus van die Bybel heeltal “anders” was as die patetiese “Sondagskool Jesus” wat vandag aan die meeste kerkgangers voorgehou word? Weereens, Jesus was nie “gaaf” nie toe Hy aan die godsdienstige leiers van Sy dag gesê het: “Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug? Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg” (Mattheüs 23:33-34).

Die *waarheid* is dat Jesus Christus die **enigste ware God** kragtig verkondig het. Hy het die **een weg** soos God dit bedoel het kragtig verkondig. Hy het **nie op enige manier** al die ander heidense godsdienste van die wêreld onderskryf of as “gelyk” oorweeg – in die verlede, hede of toekoms – nie. Hy verklaar baie duidelik: “Ek is die **deur** van die skape. **Almal** wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie” (Johannes 10:7-8).

Indien u dus bereid is om Jesus se opdrag te gehoorsaam: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke** woord van God” (Lukas 4:4), dan sal u moet erken dat diegene wat probeer om “gered” te word of om die ewige lewe te verwerf deur **iemand anders** te volg, behalwe

die ware Christus van die Bybel, eenvoudig “buite orde” is. God het, en is nou besig om *niemand anders* te gebruik as die ware openbaarder van God, behalwe Jesus Christus nie. Daardie *ware* Jesus Christus van die Bybel sal binnekort terugkeer na hierdie aarde, as Koning van die konings en Here van die here om te heers oor die nasies op *hierdie aarde* – nie bo in die hemel nie! U behoort te besef: “Hy sal hulle met 'n **ysterstaf regeer**” (Openbaring 19:15).

**Waarom** sou Jesus 'n “ysterstaf” moet gebruik? Omrede, soos die hele Bybel aandui, God toegelaat het dat Satan die duiwel **alle nasies** mislei. In Openbaring skryf die apostel Johannes oor 'n finale “geestesoorlog” wanneer die duiwel vir die laaste maal hierheen teruggewerp sal word: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en *Satan*, wat die **hele wêreld verlei**, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9). Aangesien die mense *op so 'n groot skaal mislei* is, sal honderde miljoene mense letterlik teen **Christus veg** wanneer Hy weer kom as Koning van konings (Openbaring 17:14).

Die *ware* Jesus Christus van die Bybel sal regtig “nodig hê” om **oorweldigende geweld** te gebruik om mense te oortuig dat Hy die Seun van God is! Dit sal nodig wees dat mense “geskud” word sodat hulle gewillig sal wees om uiteindelik die ware God van die Bybel te **gehoorsaam** en te *doen wat Hy sê*.

Andersins sal hulle voortgaan met hulle filosofering, argumentering en bepaling van hul **eie standaarde** van wat *hulle* dink “goed” of “politiek korrek” is. Vir *u eie beswil*, my vriende, leer asseblief om u Bybel te bestudeer en die letterlike woorde daarvan te **glo** en begin om die ware God van die Bybel, die ware God van die skepping, te “soek”. God is **werklik**. U en ek het nodig om “die werklikheid te besef” namate die einde van hierdie era nader kom.

